5.4 Oortyd: Vir die doeleindes van hierdie Ooreenkoms moet alle tyd wat langer gewerk word as die getal gewone werke wat in klousule 8 van hierdie hoofstuk voorgeskryf word, geag word oortyd te wees: Met dien verstande dat 'n werknemer vir oortyd teen oortydtariewe betaal moet word slegs nadat 'n werknemer 40 uur per week teen die gewone loonskaal voltooi het, behalwe in die geval waar 'n werknemer gedurende die week waarin oortyd gewerk is, by 'n werkgewer in diens getree het en hy om dié rede nie in staat was om 40 uur per week te voltooi nie.

5.4.1 Ondanks bogenoemde bepaling moet 'n openbare vakansiedag wat binne 'n werkweek val, beskou word as tyd wat gewerk is vir die doel om oortyd soos hierbo te bereken.

5.4.2 'n Werknemer van wie vereis word om te werk buite die gewone ure voorgeskryf in klousule 8 hiervan, moet soos volg betaal word:

- (a) Een en 'n vyfde maal sy werklike loonskaal vir alle oortyd wat van Maandae tot Vrydae gewerk word, tot en met vyf uur;
- (b) een en 'n half maal sy werklike loonskaal vir alle oortyd wat langer as vyf uur van Maandae tot Saterdag gewerk word, tot en met 16 uur per week;
- (c) behoudens die bepalings van klousule 9.5 van hierdie hoofstuk, teen twee maal die skaal van die werknemer se werklike loon vir alle oortyd gewerk op Sondae en openbare vakansiedae soos omskryf in die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994.

5.4.3 Die gewone werkdag plus alle oortyd mag hoogstens 56 uur per kalenderweek beloop.

5.4.4 Oortydbepalings: Indien 'n werkgewer vereis dat sy werknemers oortyd werk, moet hy aan hulle minstens 16 uur kennis daarvan gee: Met dien verstande egter dat geen voorafkennisgewing vereis word om oortyd te werk nie wanneer werknemers noodsaaklike dienste verrig of wanneer dit as gevolg van noodwerk van werknemers vereis word om oortyd te werk.

5.5.1 Aanmelding van nie-betaling: 'n Werknemer wat ingevolge hierdie Ooreenkoms of 'n ander ooreenkoms van hierdie Raad in aanmerking kom vir die betaling deur sy werkgewer van lone en/of bydraes aan die Raad namens homself ingevolge die bepalings van die verskillende Fondse en wat nie ingevolge hierdie Ooreenkoms betaal is nie, moet sodanige nie-betaling van lone of bydraes ingevolge klousule 2 van Hoofstuk 5 by die Raad aanmeld binne 10 weke vanaf die datum waarop sodanige versuim om te betaal plaasgevind het.

5.5.2 Waar die werknemer die nie-betaling binne die tydperk voorgeskryf in klousule 5.5.1 hiervan aangemeld het, is hy geregig op betaling deur die Raad uit die waarborg wat gehou word ten opsigte van die werkgewer wat versuim het om sodanige betaling te maak, maar slegs in soverre die geld beskikbaar is ingevolge sodanige waarborg.

5.5.3 'n Werknemer wat in gebreke bly om enige nie-betalings te rapporteer soos voorgeskryf, verbeur enige reg tot verhoging en die Raad tree nie teen 'n werkgewer op ingevolge die Ooreenkoms se bepalings nie, tensy wanvoorstelling deur die werkgewer bewys kan word.

5.5.4 Indien 'n werknemer dros of sy dienste beëindig sonder kennisgewing, moet die Raad, op aansoek deur 'n werkgewer, die bedrag aan die werkgewer verskuldig, wat gelyk is aan die vereiste kennisgewingstydperk, van die werknemer se vakansiegeld aftrek en aan die werkgewer oorbetaal.

5.6 Skofwerk: 'n Werkgewer kan sy werknemers skofte laat werk: Met dien verstande dat daar in wese aan klousules 5 en 8 voldoen is.

6. REGISTRASIE VAN WERKNEMERS

6.1 Elke werkgewer moet binne 'n tydperk van sewe dae vanaf die datum van indiensneming van 'n werknemer, sodanige werknemer by die Raad registreer, maar moet, ondanks bogenoemde bepalings, sodanige werknemer die besoldiging, toelaes en bydrae betaal wat ingevolge hierdie Ooreenkoms van toepassing is op die klas waarin die werknemer in diens geneem is, tensy 'n vrystelling verkry is.

- 6.1.1** 'n Werknemer in diens in enigeen van die aangewese ambagte soos omskryf in klousule 3 van Hoofstuk 2, wat—
 - in die betrokke OPK's (opleidingsprestasiëriteria) ten opsigte van die opleidingskursusse by 'n erkende praktiese institusionele opleidingsentrum geslaag het; en
 - die PPK's (produksieprestasiëriteria) gedurende 'n indiensopleidingstydperk suksesvol voltooi het; en
 - in die vereiste vaktouers geslaag het; en

die Nasionale Tegniese Sertifikaat Deel II (N2) verwerf het, moet as vakman geregistreer word.

6.1.2 'n Werknemer in diens in enigeen van die nie-aangewese ambagte soos omskryf in klousule 2 van Hoofstuk 2 wat—
in die betrokke OPK's (opleidingsprestasiëriteria) ten opsigte van die opleidingskursusse by 'n erkende praktiese institusionele opleidingsentrum geslaag het; en

die PPK's (produksieprestasiëriteria) gedurende 'n indiensopleidingstydperk suksesvol voltooi het; en
in die vereiste vakoets geslaag het,
moet as ambagsman geregistreer word.

6.1.3 'n Werknemer betrokke by enigeen van die aktiwiteite omskryf in klousule 1 van Hoofstuk 2, wat—

in die betrokke OPK's (opleidingsprestasiëriteria) ten opsigte van die opleidingskursusse by 'n erkende praktiese institusionele opleidingsentrum geslaag het; en

die PPK's (produksieprestasiëriteria) gedurende 'n indiensopleidingstydperk van minstens drie maande voltooi het,
moet as werknemer (gespesifiseerde ambag) geregistreer word.

6.1.4 Die Raad kan van tyd tot tyd ander bykomende gespesifiseerde ambagsklasse bepaal.

6.1.5 Ondanks klousule 6.1 hiervan kan die Raad egter na goeëdunke 'n aansoek van 'n individuele werkgewer om die registrasie van kwekeling-werknemers (gespesifiseerde ambag) weier, indien 'n ondersoek bewys dat die werkgewer nie die opleidingsvereistes van sodanige klas werknemer nagekom het nie.

6.2 Elke werkgewer wat 'n werknemer in diens neem om geskoolde werk te verrig, wat nie oor die nodige kwalifikasies beskik om sodanige werk te verrig nie, moet binne sewe dae na indiensneming die werknemer by die Raad registreer en moet—

(a) die voorgeskrewe vakleerlingkontrak kragtens die Wet op Mannekragopleiding, 1981, aangaan; of

(b) die dienskontrak vir 'n kwekeling-ambagsman wat in Bylae A van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word, aangaan; of

(c) die dienskontrak vir kwekeling-werknemer (gespesifiseerde ambagte) wat in Bylae B van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word, aangaan; of

(d) die dienskontrak aangaan waarkragtens werknemers deur die werkgewer opgelei word in ambagte of vaardighede ten opsigte waarvan daar geen institusionele opleiding bestaan nie, en wat van tyd tot tyd deur die Raad voorgeskryf word.

6.3 'n Werkgewer moet 'n kwekeling of leerling betaal ooreenkomstig die vaardigheidsvlak wat bereik is en ooreenkomstig die besoldiging en toelaes wat vir die suksesvolle voltooiing van die betrokke opleidingskursusse vasgestel is.

6.4 'n Werknemer in klousule 6.3 hiervan bedoel, wat nie 'n opleidingskursus suksesvol voltooi het nie, bly op die besoldigingsvlak eweredig aan die vaardigheidsvlak wat bereik is, en die werkgewer moet toegelaat word om sodanige werknemer in diens te hou op die voorwaardes wat van toepassing is.

6.5 Alle geskoolde en halfgeskoolde werknemers wat as sodanig by die Raad geregistreer is, behou hul bestaande status op die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree. Ondanks bostaande, kan die Raad egter 'n registrasiesertifikaat wat aan enige klas werknemer uitgereik is, wysig of intrek en kan die werknemer aan wie 'n sertifikaat uitgereik was, herklassifiseer word as die Raad oortuig is dat die oorspronklike registrasie en klassifikasie van die betrokke werknemer verkeerdelik uitgereik was. Die besluit van die Raad is finaal en bindend.

6.6 'n Werknemer van wie daar vereis word om hom by die Raad te laat registreer ingevolge hierdie Ooreenkoms, moet op versoek van 'n agent van die Raad die registrasiesertifikaat wat deur die Raad aan hom uitgereik is, toon.

6.7 Alle werknemers wat op 3 September 1990 as meeservakmanne geregistreer was, word vir die doeleindes van hierdie Ooreenkoms geag as vakmanne geregistreer te wees.

7. VERBODE DIENS

7.1 Behoudens klousule 6.1 van hierdie hoofstuk mag 'n werkgewer nie toelaat dat 'n werknemer werk verrig waarvoor hy hom ingevolge klousule 6 van hierdie hoofstuk moet laat registreer nie, tensy sodanige werknemer in die regte klas geregistreer is.

7.2 'n Werknemer mag nie werk verrig waarvoor registrasie verpligtend is nie, tensy hy aldus geregistreer is.

7.3 Behoudens artikel 83 van die Wet en ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, word geen bepaling wat 'n persoon verbied om 'n werksaamheid te verrig, geag die werkgewer van so 'n persoon vry te stel van die betaling van die voorgeskrewe lone en bydraes van 'n ambagsman wat hy sou moes betaal het, en van die nakoming van die voorwaardes wat hy sou moes nagekom het indien die verrigting van daardie werksaamhede deur die betrokke persoon nie verbied was nie, en die werkgewer bly aanspreeklik om sodanige besoldiging te betaal en sodanige voorwaardes na te kom asof die verrigting van daardie werksaamhede deur die betrokke persoon nie verbied was nie.

7.4 'n Werknemer wat by die Raad geregistreer is, of wat kwalifiseer vir registrasie in 'n hoër kategorie, moet binne 10 werksdae vanaf datum van indiensneming bewys aan sy werkgewer lewer van sodanige hoë kwalifikasie, by gebreke waarvan die werknemer geag word 'n werknemer te wees in die kategorie waarin hy aanvanklik in diens geneem is.

8. WERKURE

8.1 Die gewone werkure wat deur alle werkgewers en werknemers nagekom moet word, is 40 uur in enige week bereken teen hoogstens agt uur per dag van Maandae tot Vrydae.

8.2 Geen werknemer mag toegelaat word nie om langer as vyf uur op enige dag te werk sonder 'n pouse van minstens 30 minute.

8.3 **Korttyd:** Elke werkgewer wat as gevolg van onvoldoende werk van 'n werknemer vereis om korttyd te werk, moet die Raad van sodanige besluit in kennis stel na ooreenkoms met sy werknemer om korttyd te werk.

9. JAARLIKSE VERLOF EN OPENBARE VAKANSIEDAE

9.1 Openbare Vakansiedae is soos omskryf in die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994.

9.2 'n Werknemer wat 48 weke in 'n jaar gewerk het en vir wie bydraes vir vakansiefonds betaal is, is geregtig op verlof van 15 ten volle betaalde werkdae per jaar.

9.3 Die jaarlikse verloftydperk is vier kalenderweke wat 'n aanvang neem op die Vrydag onmiddellik voor 16 Desember, of sodanige dag as wat die Raad bepaal, dog nie later as 16 Desember nie.

9.4 Geen werkgewer mag van 'n werknemer vereis om gedurende die verloftydperk voorgeskryf by klousule 9.3 hiervan werk in die Nywerheid te verrig nie, en geen werknemer mag gedurende hierdie tyd werk verrig sonder dat goedkeuring van die Raad verkry is nie.

9.5 Ondanks die bepalings van klousule 9.4 hiervan kan 'n werkgewer en sy werknemer ooreenkom om 'n maksimum tydperk van twee weke gedurende die jaarlikse verloftydperk te werk teen gewone skaal plus bydraes: Met dien verstande dat geen werk verrig mag word gedurende die weke waarin Kersdag en Nuwejaarsdag val nie.

10. DIENSBEËINDIGING

10.1 Wanneer 'n werkgewer of 'n werknemer voornemens is om 'n dienskontrak te beëindig—

10.1.1 gedurende die eerste 65 werksdae diens, word geen kennisgewingtermyn vir die beëindiging van diens vereis nie;

10.1.2 na die eerste 65 werksdae diens, tot en met 24 maande diens, moet hy aan die ander party vyf werkdae kennis gee van die beëindiging van sodanige dienskontrak;

10.1.3 na 24 maande diens, tot en met 60 maande diens, moet hy die ander party 10 werkdae kennis gee van die beëindiging van sodanige dienskontrak;

10.1.4 na 60 maande diens, moet die ander party 20 werkdae kennis gee van die beëindiging van sodanige dienskontrak.

10.2 Ondanks bogenoemde bepalings kan die partye 'n skriftelike kontrak aangaan wat voorsiening maak vir 'n langer kennisgewingtermyn as die termyn wat hierbo bepaal is.

10.3 Kennisgewing van diensbeëindiging moet skriftelik gegee word.

10.4 Hierdie klousule raak nie die reg van 'n werkgewer of 'n werknemer om die kontrak sonder kennisgewing om enige regsgeldige rede te beëindig nie, en die bepalings aangaande verbeurings en boetes wat kragtens wet van toepassing is op 'n werknemer wat dros, word ook nie daardeur geraak nie.

10.5 'n Werkgewer moet by beëindiging van 'n dienskontrak, waar die werknemer se diens 65 werkdae oorskry, die werknemer van 'n dienssertifikaat voorsien wat die volle name van die werkgewer en die werknemer, die beroep van die werknemer, die aanvangsdatum en die datum van beëindiging van die kontrak en die werknemer se loonskaal op die datum van sodanige beëindiging, vermeld.

10.6 Beide die werkgewer en die werknemer kan in plaas van die voorgeskrewe kennisgewing die toepaslike besoldiging van die ander party betaal.

11. BEWARING VAN GEREEDSKAP

11.1 By alle werkterreine en werkwinkels waar die duur van die werk 12 kalenderweke oorskry, moet die werkgewer—

11.1.1 'n toesluitplek verskaf waarin die werknemer se gereedskap te alle tye toegesluit kan word;

11.1.2 toesien dat die toesluitplekke te alle tye behoorlik en/of stewig toegesluit gehou word;

11.1.3 toesien dat die gereedskap van 'n werknemer teen verlies weens brand verseker is.

11.2 Ondanks die tydperk in klousule 11.1 hiervan bedoel, is die werkgewer verantwoordelik vir die veilige bewaring van die werknemer se gereedskap.

12. AGENTE

12.1 Die Raad moet agente aanstel om behulpsaam te wees met die toepassing van hierdie Ooreenkoms en moet sodanige agente van 'n sertifikaat voorsien wat deur die Sekretaris of 'n gemagtigde beampte geteken is.

12.2 Voordat enige ondersoek ingevolge hierdie Ooreenkoms gedoen word, moet die agent, waar dit prakties moontlik is, die werkgewer of 'n verantwoordelike persoon in sy diens van sy voorneme in kennis stel.

12.3 Elkeen vir wie hierdie Ooreenkoms bindend is, moet na die beste van sy vermoë aan die agent hulp verleen om die agent in staat te stel om aan bogenoemde bepalings uitvoering te gee.

13. REGISTRASIE VAN WERKGEWERS

13.1 Elke werkgever in die Nywerheid wat—

13.1.1 op die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree, nie geregistreer is nie, moet hom binne een maand vanaf sodanige datum by die Raad laat registreer;

13.1.2 na die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms met sy bedrywighede begin, moet hom binne een maand vanaf aanvang van sodanige bedrywighede by die Raad laat registreer.

13.2 Elke werkgever van wie vereis word om hom by die Raad te laat registreer, moet op die voorgeskrewe vorm die volgende besonderhede aan die Sekretaris verstrek:

(a) Volle naam en identiteitsnommer;

(b) naam van besigheid;

(c) besigheidsadres;

(d) woonadres;

(e) die ambag of ambagte wat hy in die Nywerheid beoefen.

13.3 Waar die werkgever sake verrig as 'n vennootskap, 'n maatskappy of 'n beslote korporasie moet die besonderhede ooreenkomstig klousule 13.2 hiervan onderskeidelik ten opsigte van elke vennoot, direkteur of lid verstrek word.

13.4 Elke geregistreerde werkgever moet die Raad binne 14 dae van enige verandering in die besonderhede in klousule 13.2 hiervan bedoel, skriftelik van sodanige verandering in kennis stel.

13.5 'n Geregistreerde werkgever wat voornemens is om sy optrede as sodanig te staak moet die Sekretaris van die Raad minstens 14 dae voor die datum waarop hy voornemens is om sy optrede te staak, skriftelik daarvan in kennis stel.

13.6 Elke werkgever in die Nywerheid moet gelyktydig met sy aansoek om registrasie 'n waarborg by die Raad indien wat vir die Raad aanvaarbaar is, om die volgende betalings ten opsigte van sy werknemers te dek:

13.6.1 Indien die werkgever sy werknemers op 'n weeklikse grondslag betaal, moet die waarborg twee weke se lone soos in klousule 4 van hierdie hoofstuk voorgeskryf, en twee weke se bydraes ingevolge hierdie Ooreenkoms ten opsigte van al sy werknemers dek: Met dien verstande dat die minimum waarborg minstens R1 000 moet wees;

13.6.2 indien 'n werkgever sy werknemer tweeweklikse betaal, moet die waarborg drie weke se lone soos in klousule 4 van hierdie hoofstuk voorgeskryf, en drie weke se bydraes ingevolge hierdie Ooreenkoms ten opsigte van alle werknemers dek: Met dien verstande dat die minimum waarborg minstens R1 000 moet wees;

13.6.3 indien die werkgever sy werknemers op 'n maandelikse grondslag betaal, moet die waarborg vyf weke se lone soos in klousule 4 van hierdie hoofstuk voorgeskryf, en vyf weke se bydraes ingevolge hierdie Ooreenkoms ten opsigte van al sy werknemers dek: Met dien verstande dat die minimum waarborg minstens R2 000 moet wees.

13.6.4.1 Indien 'n werkgever die getal werknemers in sy diens op enige tydstip uitbrei nadat die bedrag van sy waarborg deur die Raad bepaal is, moet sodanige werkgever binne 21 dae vanaf die datum waarop die Raad hom in kennis stel, of binne sodanige verdere tydperk as wat die Raad toelaat, die bedrag van sy waarborg verhoog tot die bedrag wat die Raad ooreenkomstig subklousule 13.6.1 hiervan weer bepaal het in verhouding tot die verhoogde getal werknemers.

13.6.4.2 Die Raad moet eweneens 'n werkgever toelaat om die bedrag van sy waarborg te verminder waar 'n afname in die getal werknemers in die diens van sodanige werkgever 'n vermindering regverdig: Met dien verstande dat so 'n vermindering nie deur die Raad toegelaat word nie tensy sodanige werkgever skriftelik by die Raad aansoek gedoen het om vermindering van die bedrag van sodanige waarborg.

13.6.4.3 Geen vermeerdering of vermindering van die bedrag van 'n waarborg ooreenkomstig klousules 13.6.4.1 en 13.6.4.2 mag met tussenposes van minder as ses maande vereis of toegelaat word nie.

13.6.4.4 Hierdie klousule is nie van toepassing nie op 'n lid van die werkgewersorganisasie wat 'n party by die Ooreenkoms is wat assuransiwaarborge verskaf.

13.7 Indien 'n werkgever sy waarborg ingedien het en vir 'n tydperk van minstens 12 agtereenvolgende kalendermaande nie aan klousule 2 van Hoofstuk 5 voldoen het nie, moet sodanige waarborg verbeur word aan die algemene fondse van die Raad en sy registrasie as werkgever gekanselleer word nadat die Raad hom daarvan verwittig het deur 'n geregistreerde brief na sy jongste bekende adres te stuur: Met dien verstande dat die Raad op 'n later datum wanneer sodanige werkgever daarom aansoek doen en sy aansoek vergesel gaan van bewys ter staving van sy eis, asook bewys dat hy ten volle voldoen het aan hierdie Ooreenkoms, soos deur die Raad vereis, sodanige waarborg tesame met die rente wat daarop opgeloopt het teen 'n koers soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, aan sodanige werkgever kan terugbetaal.

13.8 Die Raad kan 'n gedeelte of die helde bedrag van 'n waarborg wat deur 'n werkgever betaal is, gebruik om 'n bedrag wat deur sodanige werkgever aan die Raad verskuldig is ten opsigte van toelaes, bydraes of lone verskuldig aan een of meer werknemers in diens by so 'n werkgever te betaal indien die Raad oortuig is dat sodanige toelaes, bydraes of lone aan die betrokke werknemers verskuldig en betaalbaar is.

13.9 Werkgewers kan deur hul werkgewersorganisasies 'n versekeringspolis uitneem om die dekking te verkry wat in klousule 13.6.1 hiervan beoog word.

14. "SLEGS-ARBEID"-KONTRAKTEURS

14.1 Geen slegs-arbeid-kontrakteur mag werk in die Bounywerheid kragtens 'n slegs-arbeid-kontrak onderneem nie, tensy hy by die Raad geregistreer is as 'n werkgewer of, indien hy nie 'n werkgewer is nie, asof hy 'n werkgewer is.

14.2 Kontrakteurs wat werk aan slegs-arbeid-kontrakteurs toeken, moet die Raad daarvan binne sewe dae van die datum van toekenning van werk aan 'n slegs-arbeid-kontrakteur, in kennis stel. Indien die kontrakteur aan hierdie voorwaarde voldoen het, is kontrakteurs nie verantwoordelik vir eise deur die werknemers van die slegs-arbeid-kontrakteur nie.

14.3 'n Kontrakteur wat versuim om aan die bepalings van klousule 14.2 te voldoen, word egter slegs aanspreeklik gehou vir die betaling van lone en bydraes van die werknemers van die ongeregisteerde slegs-arbeid-kontrakteur, indien sodanige slegs-arbeid-kontrakteur nie in staat is om sy verpligting kragtens hierdie Ooreenkoms na te kom nie.

15. KENNISGEWINGBORD

Elke werkgewer moet wanneer hy bouwerk verrig wat langer as 'n maand duur, 'n kennisgewingbord van minstens 60 cm by 45 cm vertoon op 'n opvallende plek wat vir die publiek toeganklik is en sodanige kennisgewingbord moet die besigheidsnaam en die besigheidsadres van sodanige werkgewer verstrek: Met dien verstande dat waar meer as een werkgewer op die bouterrein optree, bostaande besonderhede van al die werkgewers op een gesamentlike kennisgewingbord kan verskyn.

16. VERTONING VAN OOREENKOMS

Elke werkgewer moet 'n leesbare kopie van hierdie Ooreenkoms vertoon op elke werksterrein waar langer as ses maande gewerk word en by sy gewone besigheidsplek op 'n opvallende plek wat maklik vir al sy werknemers toeganklik is.

17. NATWEERSKULING

17. By alle persele waar boubedrywighede aan die gang is, moet werkgewers geskikte akkommodasie verskaf—

17.1.1 om as skulping vir werknemers gedurende nat weer te dien;

17.1.2 om as kleedkamer te dien: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie op persele waar minder as 25 werknemers in diens is of waar die omstandighede eie aan die perseel of die aard van die werk wat aan die gang is, nie akkommodasie vir 'n kleedkamer toelaat nie.

18. VERVERSINGSGROUPE

Alle werknemers is geregtig op 'n pouse vir verversings van 20 minute per dag wat geneem word volgens ooreenkoms tussen werkgewer en werknemer en wat geag word tyd gewerk te wees. Geskikte geriewe vir die doel om verversings voor te berei moet deur die werkgewer verskaf word.

19. VRYSTELLINGS

19.1 Behoudens die voorbehoudsbepalings by artikel 51 (3) van die Wet kan die Raad om redes wat hy afdoende ag, skriftelik vrystelling van enigeen van die bepalings van hierdie Ooreenkoms aan 'n persoon of persone verleen.

19.2 'n Vrystellingsertifikaat, onderteken deur die Sekretaris of 'n gemagtigde persoon, moet uitgereik word aan elkeen wat vrystel word.

19.3 'n Vrystellingsertifikaat moet die voorwaardes meld waarop 'n vrystelling toegestaan is, die duur van sodanige vrystelling en die gebied waar dit van toepassing is.

19.4 Die Raad kan te eniger tyd 'n vrystellingsertifikaat wysig of intrek sonder om sy redes te verstrek: Met dien verstande dat skriftelike kennis van 10 werkdade aan die vrystelnde persoon gegee word.

20. REGTE VAN VAKVERENIGINGSBEAMPTES

Beamptes van die vakverenigings wat partye by hierdie Raad is, moet in die gewone loop van hul pligte gedurende werkure toegang hê tot die bouterreine en werkwinkels met die doel om met werknemers wat op die terrein werk werwing en lidmaatskap van die vakverenigings te bespreek: Met dien verstande dat hulle nie mag voorkom dat 'n werknemer sy werk voortsit nie, tensy hulle vooraf die toestemming van die werkgewer of sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger verkry het: Met dien verstande voorts dat dié toestemming nie sonder billike rede weerhou mag word nie.

21. HEFFING: WERKNEMERPARTYE

21.1 'n Bedrag van R2,50 per week word afgetrek van die lone van alle algemene werkers en R3,70 van die lone van alle ander werknemers wat vir 'n werkgewer gewerk het nie korter nie as drie volle dae gedurende die week.

21.2 Bedrae wat ingevolge klousule 21.1 hiervan afgetrek word, moet weekliks aan die Raad betaal word en moet namens die betrokke werknemers deur die Raad in 'n trustrekening gehou word.

21.3 Die bedrag in die krediet van die werknemer moet nie later nie as die aanvangsdatum van die jaarlikse vakansie-tydperk elke jaar deur die Raad aan hom betaal word, min die bedrag wat met die magtiging van die werknemer as ledegeld aan die vakvereniging wat 'n party by die Raad is, betaal moet word.

21.4 Die Raad kan na goeddunke die bedrag in klousule 21.1 hiervan bedoel, insluit in 'n bydrae wat hy van tyd tot tyd in gebruik neem.

21.5 Enige werknemer wat nie lid is van enige van die vakverenigings wat partye by die Raad is, mag versoek om vrygestel te word van die bepaling van klousule 21.1.

22. HEFFING: WERKGEWERSPARTY

22.1 Elke werkgever wat lid is van die werkgewersorganisasie wat 'n party is by hierdie Ooreenkoms, moet ten opsigte van elke werknemer wat by hom in diens is, die bedrag aan die Raad betaal wat in die konstitusie van die werkgewersorganisasie bepaal word.

22.2 Die Raad moet elke maand aan die werkgewersorganisasie hierbo bedoel, onderskeidelik die bedrae oorbetaal wat hy ingevolge hierdie klousule invorder.

23. VERBOD OP STAKINGS OF UITSLUITINGS

Geen party by hierdie Ooreenkoms mag 'n staking aanstig of enige werknemer aanhits om aan 'n staking deel te neem of dit voort te sit of aan 'n staking of aan die voortsetting van 'n staking deel te neem nie; en geen party by hierdie Ooreenkoms mag 'n uitsluiting aanstig of enige party by hierdie Ooreenkoms aanhits om aan 'n uitsluiting deel te neem of dit voort te sit of aan 'n uitsluiting of die voortsetting van 'n uitsluiting deelneem nie, gedurende die tydperk van geldigheid van hierdie Ooreenkoms, of verlengde tydperk van die Ooreenkoms, wat bindend is vir die partye by die Raad wat by die staking of uitsluiting betrokke is of sal wees en waarvan enige bepaling handel oor die aangeleentheid wat aanleiding gee tot die staking of uitsluiting.

24. VERBOD OP DISPUTE EN DOOIE PUNTE

Die partye by hierdie Ooreenkoms verbind hulle daartoe om geen dispuut of dooie punt teen ander partye by hierdie Ooreenkoms te verklaar nie ten opsigte van enige van die bepalings in hierdie Ooreenkoms vervat, gedurende die tydperk van geldigheid van hierdie Ooreenkoms, of verlengde tydperk van die Ooreenkoms. Desgelyks verbind die partye by hierdie Ooreenkoms hulle daartoe om geen dispuut of dooie punt teen enige ander party by die Ooreenkoms te verklaar nie gedurende die tydperk van geldigheid van hierdie Ooreenkoms of verlengde tydperk van die Ooreenkoms ten opsigte van aangeleenthede en items wat eise vir onderhandelings tussen die partye by die Ooreenkoms uitmaak en wat betrekking het op insluiting by 'n toekomstige Ooreenkoms.

25. VERBOD OP TWEVLAK-BEDINGING

Die partye by hierdie Raad verbind hulle daartoe om geen poging aan te wend om weer oor enige van die bepalings in hierdie Ooreenkoms vervat op maatskappy- of ondernemingsvlak te onderhandel nie, ongeag of daar 'n geldige Erkenningsooreenkoms van krag is tussen 'n vakverenigingparty en 'n lid van een van die werkgewerspartye of nie, gedurende die tydperk van geldigheid van hierdie Ooreenkoms of daaropvolgende verlengde tydperk, tensy die werkgewersparty vrywillig besluit om van hierdie verbod af te sien.

26. ALGEMEEN

26.1 Geen ooreenkoms, uitdruklik of stilswyend, hetsy dit aangegaan is voordat of nadat hierdie Ooreenkoms in werking getree het, mag die uitwerking hê dat dit die betaling aan 'n werknemer van minder besoldiging as dié wat in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word of die toepassing op 'n werknemer van behandeling of die toekenning aan hom van voordele wat vir hom minder gunstig is as die behandeling of voordele in hierdie Ooreenkoms of 'n ander ooreenkoms voorgeskryf, veroorloof nie, en ook mag dit nie afstand deur 'n werknemer van die toepassing op hom van enige bepaling van hierdie Ooreenkoms of 'n ander ooreenkoms bewerkstellig nie. Enige sodanige ooreenkoms is ongeldig.

26.2 Elke bepaling, of klousule skep 'n reg of 'n verpligting, na gelang van die geval, en is onafhanklik van die bestaan van die ander bepalings. Ingeval 'n bepaling of klousule van hierdie Ooreenkoms nie in werking is nie of *ultra vires* is vir sover dit die bevoegdhede van die partye of die Minister betref—hetsy voor of na die publikasie van hierdie Ooreenkoms in die *Staatskoerant* deur die Minister kragtens die bepalings van die Wet—raak dit hoegenaamd nie die res van die Ooreenkoms nie, wat in so 'n geval die Ooreenkoms uitmaak.

27. VEILIGHEIDSBEPALINGS

Elke werkgever en elke werknemer moet voldoen aan die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993, soos gewysig, en die regulasies daarkragtens opgestel.

28. PROSEDURERIGLYNE

Prosedureriglyne ten opsigte van—

- (a) personeelbesnoeiing;
- (b) griefhantering; en
- (c) dissiplinêre optrede,

is beskikbaar by die kantore van die Bounywerheidsraad (Transvaal) om werkgewers en werknemers behulpsaam te wees in dié verband.

29. PRODUKTIWITEITSRIGLYNE

Produktiwiteitsriglyne moet van tyd tot tyd deur die Raad uitgereik word.

30. GESKILBESLEGTINGSHEFFING

- 30.1 Elke werkgewer in die Bounywerheid moet, ten opsigte van elke werknemer in sy diens, 'n bedrag soos omskryf in Hoofstuk 5 van hierdie Ooreenkoms, aan die Raad betaal, vir die instandhouding van 'n geskilbeslegtingstelsel soos voorgeskryf deur die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995).
- 30.2 'n Bedrag, soos voorgeskryf in Hoofstuk 5 van hierdie Ooreenkoms, moet van die lône van elke werknemer wat in die Bounywerheid werk, afgetrek word en aan die Raad oorbetaal word deur sy werkgewer, vir die instandhouding van 'n geskilbeslegtingstelsel soos vereis deur die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995).

HOOFSTUK 2**KLASSIFIKASIE EN OMSKRYWING VAN TAKE****1. GESPESIFISEERDE AMBAGTE**

1.1 Werknemers (gespesifiseerde ambag) en leerlingwerknemers (gespesifiseerde ambag) kan werk in een of meer van die volgende gespesifiseerde ambagte verrig:

- 1.1.1 *Bloklêwerk*: Die lê van blokke soos omskryf, hoogtes meet, hoeke optrek, deurkosyne en vensterrame stel, profiele of setmate opstel.
- 1.1.2 *Plaveiwerk*: Die lê van plaveiblokke, plaveistene en slasto, uitlêwerk en bepaling van vlakke en valle.
- 1.1.3 *Oprigting van bekisting*: Hout- en staalbekisting monteer en oprig vir mure, kolomme, balke en blaaië.
- 1.1.4 *Oprigting van steiers*: Afmerkwerk, oprig en waterpasmaak van alle tipes steiers.
- 1.1.5 *Pleistersteenmesselaar*: Pleisterstene volgens profiele en setmate, uitgesonderd die opstelling van inmesselprofiele, setmate, deur- en vensterrame gedurende aangrensende konstruksiewerk nagaan of deur- en vensterrame in die lood of waterpas is.
- 1.1.6 *Betonafstrykwerk*: Bepaling van vlakke en valle, afstryking en afwerk van beton met die hand of 'n masjien.
- 1.1.7 *Bediening en toerusting*: Hyskrane en grondverskuiwingsmasjinerie en dergelike toerusting bedien, elektriese of meganiese masjiene soos betonmengers, sae, kantsnyers/-slypers, poleer- en sandstraalmasjiene en lettersnymasjiene bedien, swaaiarmhystoestelle bedien, voertuie, meganiese storters en trekkers dryf, houtwerkmasjiene en sproeispuite bedien en gereedskapmaak (klipmesselaarambag).
- 1.1.8 *Teël- en/of leiklipdekking*: Afmerk, aanbring, sny en/of vassit van dakteëls en nokdekking van beton/terracotta, asbes of leiklip.
- 1.1.9 *Dakplaatwerk*: Afmerkwerk, aanbring, sny en/of vassit van metaaldakplate en -nokdekking en/of metaalteëls en -nokdekking.
- 1.1.10 *Skrynwerkmontering*: Monteer en vassit van alle skrynwerkkomponente.
- 1.1.11 *Aluminiummontering en -sweiswerk*: Vensters, winkelfronte, deure, deurrame, toonbanke, storthokkies, veranda-omsluitings en sonskerms van aluminium in die fabriek of werkwinkel, monteer, vassit en sweis, met inbegrip van beglasing en vassit van aluminiumkomponente op die terrein.
- 1.1.12 *Plafonwerk*: Oprigting en installering van gepatenteerde hangplafonstelsels.
- 1.1.13 *Oprigting van afskortings*: Oprigting en installering van aluminium- en droëmuurafskortings volledig met deure en slotte maar uitgesonderd doelgemaakte afskortings.
- 1.1.14 *Installering van voorafvervaardigde rakkaste*: Oprigting en installering van voorafvervaardigde staal- en houtrakkaste en -kabinette.
- 1.1.15 *Hulp by pleisterwerk (pleisteraar se assistent)*: Saksmeerwerk, eenlaagpleisterwerk op mure en plafonne, uitgesonderd kolomme, koepels, balke, penante en boë, afvlak van betonvloere, uitgesonderd trappe en deurdrumpels.
- 1.1.16 *Hulp by teëlwerk (teëllêer se assistent)*: Afvlak van vloere: lê van vloerteëls, met inbegrip van sny- en laswerk, vassit van muurteëls aan gepleisterde muur met kleefmiddel, met inbegrip van snywerk, maar uitgesonderd dakwange, drumpels, kolomme en penante.
- 1.1.17 *Hulp by waterdigting (waterdigtingswerker se assistent)*: Waterdigting en vogdigting van alle horisontale en/of skuins en vertikale oppervlakke met inbegrip van tenks, met alle soorte dakmembrane, plate en lak- of semilakmastiklae.
- 1.1.18 *Geutwerk*: Vassit van metaal-, PVC- of asbesgeute en geutpype, afmerk en vassit van ondervoegskorte of trappiesvoegskorte.
- 1.1.19 *Asfaltwerk*: Aanwending van asfalt op alle oppervlakke.
- 1.1.20 *Hulp by verfwerk (verwer se assistent)*: Aanwending van grondverf en onderlae op alle oppervlakke, aanwending van eindlae op mure en plafonne met 'n roller, met inbegrip van insnywerk van geverfde panele met 'n kwas.
- 1.1.21 *Aanwendingswerk*: Uitlêwerk, meng en aanwending van alle soorte spesiale muurbedekkings en/of tekstuurlae.

- 1.1.22 **Huisbeglasing:** Insit van en voorwerk aan gewone staal- of houtrame en staal- of houtkraalrame.
- 1.1.23 **Matlêwerk:** Uittlê- en afmerkwerk, sny, lê en/of span en las van alle soorte matte.
- 1.1.24 **Veerkragtige vloerlêwerk:** Uittlê- en afmerkwerk, die lê en vassit van hout-, en mosaïek- en komposisie-rubbervloere en vloere van enige ander materiaal, die insit van alle soorte vloer- en muurbedekkings van teëls of stroke, met inbegrip van veerkragtige bevloering, linoleum, Malthoid, asfaltteëls of materiaal met asfaltbasis, kurk-, rubber-, vinyl- en plastiekkomposisies.
- 1.1.25 **Hulp by loodgieterswerk (loodgieter se assistent):** Aanmeakaarsit en vassit van gietyster-, staal-, PVC-, koper- en plastiekpype en toebehore aan mure en vloere, vassit van sanitêre los en vaste toebehore, met inbegrip van geisers, aan mure.
- 1.1.26 **Hulp by rioolaanlegwerk (rioollêer se assistent):** PVC-, pikvesel- en erde-, gietyster- en betonpype lê, rioolputte, vetsperders en soortgelyke toebehore aanbring.
- 1.1.27 **Oprigting van voorafgegiëte mure en heinings:** Uittlêwerk, oprigting en loodregstel van voorafgegiëte mure en heinings, met inbegrip van die installering van deure en hekke.
- 1.1.28 **Oprigting van klipgedenkstene:** Uittlêwerk, hoogtes bepaal, fondamente lê, gedenkstone oprig en afbreek, voertuie dryf, hystoerusting bedien.

In die geval van 'n meningsverskil oor die vertolking van bogenoemde onderwerpe, moet die Raad 'n beslissing gee wat finaal en bindend is.

2. NIE-AANGEWEESE AMBAGTE (AMBAGSMAN-AMBAGTE)

2.1 'n Ambagsman of kwekeling-ambagsman kan een of meer van die volgende werksaamhede verrig in die ambagte wat gedeeltes is van 'n aangewese ambag soos hieronder aangedui:

- 2.1.1 **Messelaar:** Uittlêwerk, pleister- en sierstone in fondamente en bobou inmessel, venster- en deurrame inbou, hoeke in die lood bring, profiele en setmate opstel, maar uitgesonderd die bou van boë, penante, kappe, drumpels en dekoratiewe steenwerk.
- 2.1.2 **Boutimmerwerk:** Uittlêwerk, vertolking van tekeninge en bepaling van hoogtes, alle tipes bekisting maak en oprig, uittlêwerk en skoring maak en oprig.
- 2.1.3 **Afwerkimmerwerk:** Uittlêwerk, vertolking van tekeninge en bepaling van hoogtes, deure hang, slotte installeer, rakkaste, kabinette, muurpaneelwerk, hanghoutvloere en afskortings vervaardig en aanbring, vloerlyste en lyswerk vassit.
- 2.1.4 **Daktimmerwerk:** Uittlêwerk, vertolking van tekeninge en afmerkwerk, hoogtes bepaal, houtkapdrastukke en kappe, wolfohoeke en kiele maak, vassit en oprig, voegskorte opmaak en aanbring, toesig hou oor die aanbring, sny en/of vassit van dakteëls, dakplate en nokdekking van beton, asbes, leiklip en metaal of soortgelyke materiaal.
- 2.1.5 **Plafon- en afskortingsoprigting:** Uittlêwerk, vertolking van tekeninge en bepaling van hoogtes, alle tipes afskortings en plafonne oprig, met inbegrip van deure hang en slotte installeer.
- 2.1.6 **Verfwerk:** Vertolking van tekeninge en verfskedules, alle lae verf, vernis, beits en lakvernis of dergelike materiaal op allerlei oppervlakke aanwend, kleure meng en pas.
- 2.1.7 **Beglasing (patent):** Uittlêwerk, vertolking van tekeninge en afmerkwerk, gewone staal- en houtrame en staal- en houtkraalrame insit en beglaas, staal-, hout- en aluminiumkomponente met verskillende soorte glas insit en beglaas, met gebruikmaking van gewone en patentruitwerkmetodes, verseëling met silikon, polisulfied en dergelike produkte.
- 2.1.8 **Waterdigting:** Vertolking van tekeninge, uittlêwerk, toesig hou oor en uitvoering van alle waterdigtings- en vogdigtingswerk met inbegrip van tenks.
- 2.1.9 **Houtmasjiënwerk:** Uittlêwerk, vertolking van tekeninge, sirkelsaagspoonse, radiaalarmsae, kettingsae, uitsnysae, skaaf-, lys-, tapgat-, tapsny- en skuurmasjiëne opstel en bedien, houtdraaimasjiëne bedien, profielbeitels ontwerp en skerpmaak, slypmasjiëne, profiel- en skerpmaaktuerusting opstel en bedien, patroonplate en setmate maak en gebruik.
- 2.1.10 **Rioolaanlegwerk:** Uittlêwerk, vertolking van tekeninge en bepaling van hoogtes, afmerkwerk, riole lê volgens 'n val, betonbdekking, toetsing, mangate bou, vloevulling en skoring, toesig hou oor ander kategorieë werknemers.
- 2.1.11 **Loodgieterswerk:** Uittlêwerk, vertolking van tekeninge, afmerkwerk, hoogtes bepaal, toesig hou oor ander kategorieë werknemers, plaatmetaalwerk, alle tipes pype en toebehore vir warm- en kouewaterstelsels installeer, met inbegrip van vuilwaterpype, sanitêre los- en vaste toebehore installeer, met inbegrip van geisers en kleppe.
- 2.1.12 **Pleisterwerk:** Uittlêwerk, afmerkwerk en vertolking van tekeninge, een- en tweelaagpleisterwerk aan alle oppervlakke, afvlakking van alle oppervlakke, met inbegrip van granolietafwerking.
- 2.1.13 **Klipwerk:** Uittlêwerk, afmerkwerk, vertolking van tekeninge, kap, vlakmaak en profilering van klip, patroonplate maak, toesig hou oor die oprig van gedenkstone.

- 2.1.14 *Muurpapierplakwerk*: Afmerkwark, alle soorte muurpapier plak, met inbegrip van sny- en afwerking.
- 2.1.15 *Algemene ambagsman*: 'n Werknemer wat toegelaat word om die omskrewe take van twee of meer van die nie-aangewese ambagte te verrig.
- 2.1.16 *Aanbring van staalwapening*: Uittêwerk, vertolking van buigskedules en wapenuitlegplanne, toesig hou, aanbring van alle klasse staal- en gaasdraadwapening.
- 2.1.17 *Klipmesselwerk*: Afmerkwark, uittêwerk, vertolking van tekeninge, bepaling van hoogtes, oprigting, vasheg en demontering van natuurlike en fineerklip.
- 2.1.18 *Lettesnywerk/klipdekorasiewerk*: Uittêwerk, afmerkwark, uitsny van alle tipes letters en versierings, toesig hou oor alle ander kategorieë van werknemers.

3. AANGEWESSE AMBAGTE (VAKMANSAMBAGTE)

3.1 'n Vakman of vakleerling kan een of meer van die volgende werksaamhede verrig in die vakmansambagte wat hieronder aangedui word:

- 3.1.1 *Messelwerk*: Uittêwerk, bepaling van hoogtes, vertolking van tekeninge, pleister- en sierstene in alle tipes verbande in fondamente en bobou inmessel, lateie bou, plaveiwerk in dagha, dekoratiewe steenwerk, alle tipes boë, penante, kappe en drumpels bou, venster- en deurrame opstel en inbou, hoeke in die lood bring, profiele of setmate opstel.
- 3.1.2 *Timmerwerk*: Uittêwerk, vertolking van tekeninge, bepaling van hoogtes, alle tipes bekisting maak en oprig, uittêwerk, skoring maak en oprig, uittêwerk en wapening aanbring, vertolking van kraalskedules en wapening-uittêplanne, vorms vir voorafgegiëte eenhede maak, deure hang, slotte installeer, kabinette, rakkaste, muur-paneelwerk, hanghoutvloere en afskortings vervaardig en aanbring, vloerlyste en lyswerk aanbring, houtkap-drastukke en kappe, wolfhoeke en kiele maak, vassit en oprig, voegskorte, opmaak en aanbring, aanbring, sny en/of vassit van dakteëls en nokdekking van beton, asbes, leiklip of dergelike materiaal, aanbring, sny en/of vassit van metaaldakteëls of -dakplate en -nokdekking, alle tipes afskortings en plafonne oprig.
- 3.1.3 *Skrynerwerk en houtmasjienerwerk*: Uittêwerk, vertolking van tekeninge, alle items soos deurrame, vensterrame, deure rakkaste, kabinette, toonbanke, kombuiskaste, afskortings en paneelwerk vervaardig, aanmeakaarsit, installeer, hang en vassit, alle houtwerkmasjiene bedien, slotte en ysterware installeer.
- 3.1.4 *Winkeltoerustingwerk*: Uittêwerk, vertolking van tekeninge, alle items soos deurrame, vensterrame, deure, rakkaste, kabinette, toonbanke, kombuiskaste, afskortings en paneelwerk vervaardig, aanmeakaarsit, installeer, hang en vassit, alle houtwerkmasjiene bedien, slotte en ysterware installeer, gas- of boogswaiswerk, vou- en buigwerk, vensterrame, deurrame, deure, vensters, winkelfronte, afskortings en gordynmure uit aluminium of ander metale vervaardig en installeer.
- 3.1.5 *Pleister- en teëlwerk*: Uittêwerk, vertolking van tekeninge en bepaling van hoogtes, vloere, trappe en deurdrumpels afval, vloere, trappe en deurdrumpels granolities afwerk, vorms in situ maak, plaveiblokke, plaveistene en slasto lê, een- en tweelaagpleister aan alle oppervlakke aanbring, gepoleerde terazzo aan mure, vloere en trappe aanbring en afwerk, dekoratiewe pleisterwerk aanbring, alle soorte muur- en vloerteëls of alle tipes oppervlakke aanbring, mosaïek op alle tipes oppervlakke vassit.
- 3.1.6 *Loodgieters- en rioolaanlegwerk*: Afmerk- en uittêwerk, bepaling van hoogtes, vertolking van tekeninge, toesig hou oor ander kategorieë werknemers, plaatmetaalwerk, alle tipes pype en toebehore vir warm- en kouewaterstelsels installeer, met inbegrip van vuilwaterpype, sanitêre los en vaste toebehore installeer, met inbegrip van geisers en kleppe, riole lê volgens 'n val, betonbedekking, toetsing, mangate bou, vloevulling en skoring.
- 3.1.7 *Verfwerk en versiering*: Uittêwerk, vertolking van tekeninge en verfskedules, toesig hou oor alle kategorieë werknemers, verf, vernis en beits op alle oppervlakke aanwend, verf met 'n sproeispruit aanwend, kleure meng en pas, dekoratiewe afwerking soos marmering en vlamskildering, sjablonering, lakpolering, stippeling, muurplakwerk en huishoudelike beglasing aanwend.

HOOFSTUK 3

MASSAVERVAARDIGING

1. ALGEMEEN

1.1 Hierdie Hoofstuk moet nagekom word deur alle werkgewers en werknemers wat betrokke is by of werksaam is in die Massavervardigingsseksie van die Bounywerheid.

1.2 Die bepalings van Hoofstukke 1, 2, 5, 6 en 7 van hierdie Ooreenkoms is *mutatus mutandis* van toepassing op hierdie Hoofstuk. Waar die bepalings van bogenoemde Hoofstukke strydig is met die bepalings in hierdie Hoofstuk vervat, is die bepalings van laasgenoemde Hoofstuk van toepassing en moet hulle voorkeur geniet.

2. WOORDOMSKRYWING

Enige uitdrukking wat in hierdie Hoofstuk gebruik word en nie hierin omskryf word nie maar wat omskryf is in Hoofstukke 1 en 2 van hierdie Ooreenkoms, het dieselfde betekenis as in daardie Hoofstuk; voorts beteken—

“ambagsman (skrynerwerker) (massavervardiging)” 'n werknemer wat as sodanige geregistreer is, wat aan die vereistes van klousule 6.1.2 van Hoofstuk 1 voldoen het en wat een of meer van die volgende werksaamhede mag verrig:

Houtwerk afmerk en uittê, vervaardig, monteer, skaaf en afwerk;

“Ambagsman (houtmasjienerwerker) (massavervaardiging)”, ’n werknemer wat as sodanig geregistreer is, wat aan die vereistes van klousule 6.1.2 van Hoofstuk 1 voldoen het, en wat een of meer van die volgende werksaamhede kan verrig:

- (1) Toesig hou oor masjienerbedieners en vervaardigingswerkers;
- (2) snyemasse meganies monteer, met inbegrip van die opstel, verwydering, vervanging en verstelling daarvan, asook die voorbereiding vir gebruik van een of meer van die volgende masjiene:
 - (a) Regop- en vormspille;
 - (b) snyerlysmasjiene;
 - (c) skaafmasjiene;
 - (d) dikteskaafmasjiene;
 - (e) tapsnymasjiene;
 - (f) viersydige masjiene;
 - (g) tapgat- en meerkop-tapgatmasjiene;
- (3) Kragmasjiene versorg, bedien, aan- en afskakel;

“ingebou” ’n proses waarvolgens ’n artikel struktureel permanent met ’n gebou geïntegreer of op ’n ander wyse daarby ingelyf word, of bedoel word daarmee geïntegreer of op ’n ander wyse daarby ingelyf te wees, op so ’n wyse dat dit sy eie afsonderlike identiteit en karakter verloor en deel van die samestel van die gebou word;

“vakman (massavervaardiging)” ’n werknemer was as sodanige geregistreer is en wat aan die vereistes van klousule 6.1.1 van Hoofstuk 1 voldoen het;

“Vervaardigingswerker (massavervaardiging)” ’n werknemer wat onder toesig enigeen van die volgende werksaamhede verrig:

- (1) Een of meer van die volgende masjiene versorg, bedien, aan- en afskakel maar nie sodanige masjiene opstel of verstelwerk daaraan verrig nie behalwe vooraf bepaalde verstelwerk wat deel uitmaak van die bediening van die masjiene.
 - (a) Dubbel- of driedrom- of breëbandskuurmasjiene;
 - (b) paneel- of deurskuurmasjiene;
 - (c) skuifbandskuurmasjiene;
 - (d) dwarssae;
 - (e) tapgat- en meerkop-tapgatmasjiene;
- (2) materiaal in meganies gevoerde houtwerk-kragmasjiene voer en dit daarvan afhaal;
- (3) onder toesig enigeen of meer van die volgende:
 - (a) Gestootlaste materiaal aanmeekaarsit en vassit en vervaardigde komponente in set-apparate of klampe monteer;
 - (b) deure en vensterrame vasklamp of vasklem;
 - (c) outomatiese of handperse bedien;
 - (d) venster- of deurkosyne in paneelopeninge in posisie plaas en vassit;
 - (e) plafon- en vloerpanele volgens setmate aanmeekaarsit;
 - (f) rugstukke aan toebehore vassit;
 - (g) laaie en vlaklaaie (met inbegrip van bome) vasspyker;
 - (h) timmerhout met verplaasbare skuurmasjiene skuur;
 - (i) gate in timmerhout boor, met gebruikmaking van draagbare kraggereedskap;
 - (j) wêe sny en afwerk;
 - (k) ’n grondverflaag of ’n eerste verflaag op allerlei ongeverfde oppervlakke aanbring;

“Massavervaardigingseksie van die Bounywerheid” behoudens die bepalings van ’n Afbakeningsvasstelling kragtens artikel 76 van die Wet, die Seksie van die Bounywerheid wat in klousule 3 van Hoofstuk 1 van die Ooreenkoms omskryf word, waarin werksaamhede uitgevoer word in verband met die massavervaardiging in werkwinkels buite die terrein, en met gebruikmaking van herhalingsprosesse om artikels en/of onderdele vir artikels te vervaardig en/of die aanmeekaarsit van sodanige artikels wat hoofsaaklik vervaardig is uit hout of hoofsaaklik uit ’n kombinasie van hout en plastiek en/of enige metaal en/of ander materiaal, vir gebruik by die oprigting, voltooiing, opknapping, herstel, onderhoud of verbouing van geboue of bouwerke en, sonder om enigsins die betekenis van die uitdrukking te beperk, omdat dit ook alle werk wat deur iemand in sodanige werkwinkels uitgevoer word;

“werkwinkel buite die terrein” ’n perseel wat nie op ’n plek geleë is waar bouwerksaamhede aan die gang is nie en wat ingevolge die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983, as ’n “fabriek” geregistreer is of moet wees;

“skrynwerkmonteerder (gespesifiseerde ambag) (massavervaardiging)” ’n werknemer wat as sodanige geregi-streer is, wat aan die vereistes van klousule 6.1.3 van Hoofstuk 1 voldoen het en wat een of meer van die volgende werk-saamhede mag verrig:

- (1) ’n Verplaasbare verdiepskaaf-, tapgat- of skaafmasjien of uitsnysaag volgens ’n setmaat bedien;
- (2) glas sny, voorstopverwerk en die verwydering en herbevestiging van kraallyste;
- (3) selfstand- en vasgepende deurkosyne, vensterkosyne, vensterrame en deure, tap, settap, setmonteer en vasspyker;
- (4) skarniere, stuiters en hegstukke vasheg met gebruikmaking van setmate, vensterrame en hortjies aan rame vasheg en ruitkraallyste sny en met ruitspykertjies vassit;

“masjienbediener (gespesifiseerde ambag) (massavervaardiging)” ’n werknemer wat as sodanig geregi-streer is, wat aan die vereistes van klousule 6.1.3 van Hoofstuk 1 voldoen het en wat een of meer van die volgende werksaamhede mag verrig:

- (1) Toesig hou oor vervaardigingswerkers;
- (2) een of meer van ondergenoemde masjiene versorg, bedien, aan- en afskakel, opstel en verstel, met inbegrip van voorafbepaalde verstelwerk wat deel uitmaak van die bediening van die masjiene:
 - (a) Besemstokmasjiene;
 - (b) sirkelsae;
 - (c) bandnasaagmasjiene;
 - (d) kant- en kantafwerkmasjiene;
 - (e) alle blokkiesvloer- en mosaïekvloermasjiene;
 - (f) regop- en vormspille;
 - (g) snyerlysmasjiene;
 - (h) skaafmasjiene;
 - (i) dikteskaafmasjiene;
 - (j) tapsnymasjiene;
 - (k) viersydige masjiene;
 - (l) tapgat- en meerkop-tapgatmasjiene;

“hout” hout, laaghout, fineerbord, lamelbord, ru-planke, spaanderbord en/of soortgelyke produkte waarvan hout die hoofkomponent uitmaak.

3. WERKDAE EN WERKURE

3.1 Die gewone werkure wat deur alle werkgewers en werknemers nagekom moet word, is—

- 3.1.1 in die geval van ’n werknemer van wie vereis word om ses dae per week te werk, hoogstens 46 uur in ’n week van Maandag tot en met Saterdag, bereken teen hoogstens agt uur per dag van Maandag tot Vrydag en ses uur op ’n Saterdag;
- 3.1.2 in die geval van ’n werknemer wat vyf dae per week werk, hoogstens 46 uur in ’n week van Maandag tot en met Vrydag, bereken teen hoogstens 9,2 uur per dag.

HOOFSTUK 4

DIMENSIONELE KLIPNYWERHEID

1. ALGEMEEN

1.1 Die bepalings van hierdie hoofstuk moet deur alle werkgewers in die Dimensionele Klipnywerheid nagekom word.

1.2 Die beplaings van Hoofstukke 1, 2, 5, 6 en 7 is *mutatis mutandis* op hierdie hoofstuk van toepassing. Waar die bepalings van hierdie hoofstukke onbestaanbaar is met die bepalings in hierdie hoofstuk vervat, is laasgenoemde bepalings van toepassing en geniet hulle voorkeur.

2. WOORDOMSKRYWING

Enige uitdrukking wat in hierdie hoofstuk gebesig word en nie hierin omskryf word nie, maar in Hoofstukke 1 en 2 van hierdie Ooreenkoms omskryf word, het dieselfde betekenins as in daardie hoofstuk; voorts beteken—

“Dimensionele Klipnywerheid” die nywerheid waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om monumentklipwerk op te rig, te voltooi, op te knap, te herstel, te onderhou of te verbou, en omvat dit alle werk wat uitgevoer of verrig word persone daarin wat betrokke is by klipmesselwerk, soos die voorbereiding van klip vir geboue, of ander klipwerk, en omvat dit ook die winning van klipblokke met voorafbepaalde fatsoene en groottes deur metodes soos boor, propping of saag vir bou-, klipmessel- en monumentdoeleindes;

“algemene werker” ’n werknemer wat enige taak of werksaamheid verrig wat nie elders vermeld word nie in enige van die omskrywings van die klasse werknemers bedoel in die omskrywing van “geskoolde werknemer” en “half-geskoolde werknemer” soos omskryf in Hoofstuk 1, en omvat dit die volgende werknemers:

- (a) Versendingswerker;
- (b) oprigterassistent;
- (c) werkwinkelwerker: onderhoud;
- (d) klipjoggie; en
- (e) lugboor-/handbooroperateur;

“graad 1-werknemer” enigene van die volgende kategorieë werknemers:

- (a) Elementêre tipe handkraanoperateur;
- (b) sandstraaloperateur;
- (c) werkwinkelassistent;
- (d) verpakkingswerker;
- (e) operateursassistent;

“graad 2-werknemer” enigene van die volgende kategorieë werknemers:

- (a) Handpoleerder;
- (b) draagbare poleermasjienoperateur;
- (c) sy/kantpoleermasjienoperateur;
- (d) poleermasjienoperateur (Spekard/Jenilin);
- (e) staanbooroperateur

“graad 3-werknemer” enigene van die volgende kategorieë werknemers:

- (a) Een-, twee- of drielesaagoperateur;
- (b) dubbellembrugsaaagoperateur;
- (c) kwaliteitskontroleur;
- (d) profielskuurder;

“graad 4-werknemer” enigene van die volgende kategorieë werknemers:

- (a) Outomatiese poleermasjienoperateur;
- (b) poleerblokmaker;
- (c) diamantbloksaaagoperateur;
- (d) swaaisaaagoperateur;
- (e) veellemsaaagoperateur;
- (f) spanleier;
- (g) vurkhyserdrywer;
- (h) drywer van ’n motorvoertuig met kode 8-lisensie;
- (i) vlammasjienoperateur;
- (j) kraandrywer.

3. VOORGESKREWE LONE

3.1 **Algemeen:** Lone van werknemers moet aangepas word óf na die nuwe voorgeskrewe lone kragtens klousule 3.1.2 van hierdie Hoofstuk óf met die algemene verhoging kragtens klousule 3.1.3 van hierdie Hoofstuk, watter ook al die grootste is, en voorts mag geen werkgewer lone betaal en geen werknemer lone aanvaar nie wat laer is as dié hieronder genoem, gelees met die res van die bepalings van hierdie klousule:

3.1.1 Die volgende formules is van toepassing om die loonskale van die verskillende grade te bereken:

Graad 1-werknemer: Algemene werkersloon plus 20% van die verskil tussen die algemene werkersloon en die loon vir gespesifiseerde ambagte.

Graad 2-werknemer: Algemene werkersloon plus 40% van die verskil tussen die algemene werkersloon en die loon vir gespesifiseerde ambagte.

Graad 3-werknemer: Algemene werkersloon plus 60% van die verskil tussen die algemene werkersloon en die loon vir gespesifiseerde ambagte.

Graad 4-werknemer: Algemene werkersloon plus 80% van die verskil tussen die algemene werkersloon en die loon vir gespesifiseerde ambagte.

3.1.2. Geskoolde, halfgeskoolde en ongeskoolde werknemers:

BYLAE

Kategorie van werknemer	Loon per uur
	Met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms
Vakman.....	R 15,00
Ambagsman	11,29
Werknemer (gespesifiseerde ambag)	6,70
Graad 1-werknemer.....	4,64
Graad 2-werknemer.....	5,15
Graad 3-werknemer.....	5,67
Graad 4-werknemer.....	6,18
Algemene werker.....	4,12

3.1.3 Algemene verhoging:

BYLAE

Kategorie van werknemer	Loon per uur
	R
Vakman.....	1,25
Ambagsman	1,00
Werknemer (gespesifiseerde ambag)	0,55
Graad 1-werknemer.....	0,49
Graad 2-werknemer.....	0,50
Graad 3-werknemer.....	0,52
Graad 4-werknemer.....	0,53
Algemene werker.....	0,47

3.1.4 Werkgewers wat voor die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms lone op 'n vrywillige basis aangepas het, kan enige sodanige verhogings wat na 14 Oktober 1996 aan werknemers toegestaan is, aftrek van die bedrae genoem in klousule 3.1.3 van hierdie Hoofstuk.

BYLAE 5**1. FONDSBYDRAES EN HEFFINGS**

Ondanks enige bepalings vervat in hierdie Ooreenkoms wat die gewone werkure bepaal, moet die toelaes en bydraes in klousule 2 bedoel, bereken word teen 40 uur per week.

2. BYDRAES EN HEFFINGS

2.1 Waar 'n werknemer drie volle werkdae of meer in 'n week vir 'n werkgever gewerk het, moet die werkgever benewens ander besoldiging waarop die werknemer ingevolge hierdie Ooreenkoms geregtig is, die bydraes ten opsigte van die loonband waarin sodanige werknemer se werklike loon val, soos in die Bylae hieronder uiteengesit, aan die Raad betaal ten behoeve van die werknemer:

- A = Vakansiefondsbydraes en bonus
- B = Pensioen-/Voorsorgfondsbydraes
- C = Mediesefondsbydraes
- D = Bystandfondsbydraes
- E = Raadsheffings
- F = Geskilbeslegtingsheffing
- G = GMBA-ledeloonwaarborg
- H = Totale waarde van bydraes

BYLAE

WEEKLIKSE BYDRAES DEUR WERKGEWER

Loonbande min. tot maks. tarief per uur	A Vakansie fonds en Bonus	B Pension/ Voorsorg- fonds	C Mediese Fonds	D By- stands- fonds	E Raads- heffings	F Geskil- besleg- tings- heffing	G GMBA Lede Loonwaar- borg	H Totale waarde
Geskoolde en halfgeskoolde werknemers:								
22,00 en meer	76,80	69,20	58,60	1,20	0,75	0,75	0,09	207,39
20,00 tot 21,99	70,00	63,20	56,00	1,20	0,75	0,75	0,09	191,99
18,00 tot 19,99	63,20	57,20	53,60	1,20	0,75	0,75	0,09	176,79
16,00 tot 17,99	56,80	51,20	51,20	1,20	0,75	0,75	0,09	161,99
14,00 tot 15,99	50,00	45,20	45,20	1,20	0,75	0,75	0,09	143,19
12,00 tot 13,99	43,20	39,20	43,40	1,20	0,75	0,75	0,09	128,59
10,00 tot 11,99	36,80	33,20	34,40	1,20	0,75	0,75	0,09	107,19
9,00 tot 9,99	31,60	28,40	27,60	1,20	0,75	0,75	0,09	90,39
8,00 tot 8,99	28,40	25,60	23,20	1,20	0,75	0,75	0,09	79,99
7,00 tot 7,99	25,20	22,40	17,80	1,20	0,75	0,40	0,09	67,84
6,00 tot 6,99	21,60	19,60	17,00	1,20	0,75	0,40	0,09	60,64
5,00 tot 5,99	18,40	16,40	16,20	1,20	0,75	0,40	0,09	53,44
4,50 tot 4,99	16,00	14,40	15,40	1,20	0,75	0,40	0,09	48,24
Algemene werker (mediesefonds ingesluit):								
6,00 en meer	21,60	19,60	17,00	0,40	0,15	0,40	0,09	59,24
5,00 tot 5,99	18,40	16,40	16,20	0,40	0,15	0,40	0,09	52,04
4,50 tot 4,99	16,00	14,40	15,40	0,40	0,15	0,40	0,09	46,84
Algemene werker (mediesefonds uitgesluit):								
6,00 en meer	21,60	19,60	—	0,40	0,15	0,40	0,09	42,24
5,00 tot 5,99	18,40	16,40	—	0,40	0,15	0,40	0,09	35,84
4,50 tot 4,99	16,00	14,40	—	0,40	0,15	0,40	0,09	31,44
4,00 tot 4,49	14,00	12,80	—	0,40	0,15	0,40	0,09	27,84
3,50 tot 3,99	12,40	11,20	—	0,40	0,15	0,40	0,09	24,64
3,00 tot 3,49	10,80	9,60	—	0,40	0,15	0,40	0,09	21,44
2,50 tot 2,99	9,20	8,40	—	0,40	0,15	0,40	0,09	18,64
Nuwe Algemene Werker:								
2,50 en meer	—	—	—	—	0,15	0,40	0,09	0,64

2.2 Elke werkgewer moet weekliks die bedrae soos in die Bylae hieronder uiteengesit, aftrek van die besoldiging van 'n werknemer wie se werklike loonskaal in enige van ondergenoemde loonbande val en wat drie volle werkdag of meer in een week gewerk het, en dié bedrae is die werknemer se bydrae tot die Pensioen- Voorsorgfonds, Mediese Fonds, Raadsheffings, Bystandsfonds, en Gereedskapsversekeringsfonds.

A = Pensioen-/Voorsorgfondsbydraes.

B = Mediesefondsbydraes.

C = Gereedskapversekeringsbydraes.

D = Raadsheffings.

E = Geskilbeslegtingsheffing.

F = Werknemerpartyeheffing.

G = Totale waarde van bydraes.

BYLAE

WEEKLIKSE BYDRAES DEUR WERKNEMER

Loonbande min. tot maks. tarief per uur	A Pensioen/ Voorsorg- fonds	B Mediese fonds	C Gereed- skapver- sekerings- fonds	D Raads- heffings	E Geskil- besleg- tings- heffing	F Werk- nemer- partye- heffing	G Totale waarde
Geskoolde en halfgeskoolde werknemers:							
22,00 en meer	69,20	58,60	0,46	0,75	0,75	3,70	133,46
20,00 tot 21,99	63,20	56,00	0,46	0,75	0,75	3,70	124,86
18,00 tot 19,99	57,20	53,60	0,46	0,75	0,75	3,70	116,46
16,00 tot 17,99	51,20	51,20	0,46	0,75	0,75	3,70	108,06

Loonbande min. tot maks. tarief per uur	A Pensioen/ Voorsorg- fonds	B Mediese fonds	C Gereed- skapver- sekerings- fonds	D Raads- heffings	E Geskil- besleg- tings- heffing	F Werk- nemer- partye- heffing	G Totale waarde
14,00 tot 15,99	45,20	45,20	0,46	0,75	0,75	3,70	96,06
12,00 tot 13,99	39,20	43,40	0,46	0,75	0,75	3,70	88,26
10,00 tot 11,99	33,20	34,40	0,46	0,75	0,75	3,70	73,26
9,00 tot 9,99	28,40	27,60	0,46	0,75	0,75	3,70	61,66
8,00 tot 8,99	25,60	23,20	0,46	0,75	0,75	3,70	54,46
7,00 tot 7,99	22,40	17,80	0,46	0,75	0,40	3,70	45,51
6,00 tot 6,99	19,60	17,00	0,46	0,75	0,40	3,70	41,91
5,00 tot 5,99	16,40	16,20	0,46	0,75	0,40	3,70	37,91
4,50 tot 4,99	14,40	15,40	0,46	0,75	0,40	3,70	35,11
Algemene werker (mediese fonds ingesluit):							
6,00 en meer	19,60	17,00	—	0,15	0,40	2,50	39,50
5,00 tot 5,99	16,40	16,20	—	0,15	0,40	2,50	35,65
4,50 tot 4,99	14,40	15,40	—	0,15	0,40	2,50	32,85
Algemene werker (mediese fonds ingesluit):							
6,00 en meer	19,60	—	—	0,15	0,40	2,50	22,65
5,00 tot 5,99	16,40	—	—	0,15	0,40	2,50	19,45
4,50 tot 4,99	14,40	—	—	0,15	0,40	2,50	17,45
4,00 tot 4,49	12,80	—	—	0,15	0,40	2,50	15,85
3,50 tot 3,99	11,20	—	—	0,15	0,40	2,50	14,25
3,00 tot 3,49	9,60	—	—	0,15	0,40	2,50	12,65
2,50 tot 2,99	8,40	—	—	0,15	0,40	2,50	11,45
Nuwe algemene werker:							
2,50 en meer	—	—	—	0,15	0,40	2,50	3,05

2.3 Bo en behalwe die aftrekkings in klousule 2.2 hiervan bedoel, moet die werkgewer, waar 'n werknemer drie volle werkdade of meer, maar minder as vyf volle werkdade in een week gewerk het, die bydraes soos aangetoon in die Bylae hieronder, aftrek ten opsigte van elke uur wat sodanige werknemer minder as 40 uur per week gewerk het:

BYLAE

Loonbande min. tot maks. tarief per uur	Aftrekkings per uur
Geskoolde en halfgeskoolde werknemers:	
22,00 en meer	5,145
20,00 tot 21,00	4,76
18,00 tot 19,99	4,38
16,00 tot 17,99	4,01
14,00 tot 15,99	3,54
12,00 tot 13,99	3,175
10,00 tot 11,99	2,64
9,00 tot 9,99	2,22
8,00 tot 8,99	1,96
7,00 tot 7,99	1,665
6,00 tot 6,99	1,485
5,00 tot 5,99	1,305
4,50 tot 4,99	1,175
Algemene werker (mediese fonds ingesluit):	
6,00 en meer	1,465
5,00 tot 5,99	1,285
4,50 tot 4,99	1,155

Loonbande min. tot maks. tarief per uur	Aftekings per uur
Algemene werker (uitgesonderd mediese fonds):	
6,00 en meer	1,04
5,00 tot 5,99	0,88
4,50 tot 4,99	0,77
4,00 tot 4,49	0,68
3,50 tot 3,99	0,60
3,00 tot 3,49	0,52
2,50 tot 2,99	0,45

2.3.1 Die aftekings in klousule 2.3 hiervan bedoel, moet net gemaak word as 'n werknemer sonder toestemming van diens afwesig was of korttyd gewerk het ingevolge klousule 8.3 van Hoofstuk 1.

2.4 Die bydraes en heffings in klousule 2.1 hiervan bedoel en die aftekings wat ingevolge klousule 2.2 hiervan gemaak word, moet deur die werkgever op 'n weeklikse grondslag aan die Raad betaal word, tensy vrystelling van die Raad verkry is om die bedoelde bedrae met 'n langer tussenpose as een maal per week oor te betaal.

2.5 Enige werkgever wat versuim om die bepalinge van klousules 2.2 en 2.3 hiervan na te kom, is in weerwil daarvan verplig om die bedrae wat afgetrek moes word, aan die Raad te betaal.

3. SPESIALE BEPALINGS

3.1 Geen werknemer vir wie lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word en wat drie volle werkdade of langer per week gewerk het, mag instem of versoek of 'n ooreenkoms met sy werkgever aangaan met die strekking dat die bydraes en/of aftekings in klousule 2 bedoel of regstreeks aan hom betaal word of nie aan die Raad betaal word nie.

3.2 'n Werkgever en sy algemene voorman en voorman kan skriftelik daartoe ooreenkoms om nie aan die bepalinge van klousule 2 van hierdie Hoofstuk te voldoen nie. Die werkgever moet die Raad binne sewe dae van sodanige ooreenkoms verwittig.

3.3 'n Werkgever wat in gebreke bly of nalaat om die bydraes soos voorgeskryf ten opsigte van elke werknemer tydig by die Raad in te betaal, moet rente voorgeskryf volgens die Wet op die Voorgeskrewe Rentekoers, 1975, op die waarde van sodanige bydraes betaal, bereken vanaf die datum waarop die bydraes by die Raad inbetaal behoort te gewees het, tot en met die datum waarop dit werklik betaal is.

3.4 Ondanks die feit dat 'n bepaalde bydrae vir 'n werknemer betaal is, is sodanige werknemer slegs geregtig op die voordele soos voorgeskryf deur die reëls van die verskeie Fondse ter waarde van die bydrae wat werklik namens hom by die Raad inbetaal is.

4. VAKANSIEFONDSREGISTRASIE

4.1 Elke werknemer vir wie die bepalinge van hierdie Ooreenkoms bindend is, moet binne 20 dae nadat hy in die Nywerheid begin werk het, by die Raad aansoek doen om Vakansiefondsregistrasie.

4.2 Die Sekretaris moet 'n alfabetiese en numeriese register hou van alle aansoeke om Vakansiefondsregistrasie en 'n spesifieke nommer aan elke aansoeker toeken. Genoemde register moet die volgende inligting verstrek ten opsigte van elke werknemer vir wie hierdie Ooreenkoms bindend is:

- (a) Volle naam;
- (b) geboortedatum;
- (c) identiteitsnommer;
- (d) bedryf of beroep;
- (e) geslag; en
- (f) Vakansiefondsnummer deur die Fonds toegeken.

4.3 Die sluitingsdatum ten opsigte van bydraes vir enige besondere jaar is die tweede Vrydag van Oktober.

4.4 Elke werkgever vir wie hierdie ooreenkoms bindend is, moet, wanneer betalings ten opsigte van toelaes en/of bydraes aan die Raad gemaak word, die werknemer se Vakansiefondsnummer en identiteitsnommer aanteken.

HOOFSTUK 6

FONDSE

1. STIGTING EN VOORTSETTING VAN DIE FONDSE

1.1 Die volgende Fondse word hierby voortgesit:

- (a) Die Vakansiefonds van die Bounywerheid (Transvaal) ingestel by Goewermentskennisgewings Nos. 2688 van 21 November 1952 en R. 956 van 13 Junie 1969, soos gewysig en verleng;
- (b) die Bystandsfonds van die Bounywerheid (Transvaal), ingestel by Goewermentskennisgewings Nos. 2828 van 5 Desember 1952 en R. 3971 van 19 Desember 1969, soos gewysig en verleng;

- (c) die Mediese Hulpfonds vir die Bounywerheid (Transvaal), ingestel by Goewermmentskennisgewing No. 1164 van 20 Julie 1962, en soos gewysig en verleng;
- (d) die Gereedskapversekeringsfonds van die Bounywerheid (Transvaal), ingestel by Goewermmentskennisgewing No. R. 202 van 6 Februarie 1959, soos gewysig en verleng.

2. ADMINISTRASIE VAN DIE FONDSE

2.1 Die onderskeie Fondse word geadministreer deur 'n Bestuurskomitee deur die Raad aangestel en bestaan uit gelyke verteenwoordiging van die vakverenigings en werkgewersorganisasies wat partye by die Raad is. Die Raad se konstitusie betreffende die verkiesing van 'n Voorsitter en 'n Ondervoorsitter, hul ampstermyn en die belê en hou van vergaderings van die Raad en die reg van plaasvervangers vir die verteenwoordigers is *mutatis mutandis* van toepassing in die geval van die Bestuurskomitee.

2.2 Die Fondse moet geadministreer word ooreenkomstig reëls wat vir die doel deur die Raad voorgeskryf word, en sodanige reëls mag nie onbestaanbaar met hierdie Ooreenkoms, die Wet, of 'n ander wet wees nie, en moet onder andere die volgende voorskryf—

2.2.1 die Fondse se bystand en die kwalifikasies daaraan verbonde;

2.2.2 die prosedure vir die indiening en betaling van eise;

2.2.3 ander sake waarvoor die Raad besluit.

2.3 Die Raad kan te eniger tyd nuwe reëls opstel of bestaande reëls wysig of intrek, en besonderhede van alle wysigings daarvan moet by die Direkteur-generaal van Arbeid ingedien word.

2.4 Die Raad moet 'n sekretaris wat as die Sekretaris van die Fondse bekend staan, en die ander personeel wat nodig is vir die behoorlike administrasie van die Fondse aanstel.

2.5 Die Komitee kan enige of alle bystand weier aan en/of weerhou van 'n lid en/of sy afhanklikes wat, na die Komitee se mening, op 'n wyse opgetree het wat bereken was om die belange van die Fondse of hul lede te benadeel of wat dit na alle waarskynlikheid benadeel het: Met dien verstande dat aan sodanige lid die geleentheid gebied moet word om by die Raad, wie se beslissing finaal is, appèl aan te teken teen die beslissing van die Komitee.

2.6 Geskille betreffende die uitleg, betekenis of bedoeling van enigeen van die bepalings van hierdie Ooreenkoms of rakende die administrasie van die Fondse wat die Komitee nie kan besleg nie, moet vir 'n beslissing na die Raad verwys word.

2.7 Die lede van die Bestuurskomitee, die Sekretaris, beamptes en werknemers van die Fondse is nie aanspreeklik vir die skulde van die Fondse nie en hulle word hierby deur die Fondse gevrywaar teen alle eise wat teen hulle ingestel mag word by of in verband met die bona fide-uitvoering van hul pligte.

2.8 Alle uitgawes wat aangegaan word in verband met die administrasie van die Fondse, kom ten laste van die Fondse.

3. WERKING VAN DIE FONDSE

3.1 Die Fondse bestaan uit—

3.1.1 alle bydraes wat ooreenkomstig klousule 2 van Hoofstuk 4 in die Fondse gestort word;

3.1.2 alle rente wat verkry word uit die belegging van geld van die Fondse; en

3.1.3 alle ander gelde waarop die Fondse geregtig word.

3.2 Alle gelde wat aan die Fondse toeval, moet binne drie dae nadat dit ontvang is, op 'n afsonderlike rekening vir elke Fonds by 'n geregistreerde bank of bougenootskap in die krediet van die Fondse gedeponeer word.

3.3 Die gelde van die Fondse moet aangewend word om bystand en uitgawes ingevolge die reëls van die onderskeie Fondse te betaal.

3.4 Die Raad kan van die Vakansiefondsbedrag betaalbaar aan 'n werknemer alle bedrae aftrek wat deur sodanige werknemer verskuldig is aan enige van die Fondse van die Raad.

3.5 Ingeval 'n werknemer te sterwe kom, moet die bedrag wat uit die Fondse verskuldig is, per tjek, wat ten gunste van sodanige boedel uitgemaak is, aan sy boedel betaal word nadat 'n gesertifiseerde kopie van die doodsertifikaat aan die Sekretaris van die Fondse voorgelê is.

3.6 Alle uitbetalings uit die Fondse geskied per tjek wat geteken is deur die Voorsitter, die Ondervoorsitter of sodanige ander lede en plaasvervangers van die Raad as waarop die Raad van tyd tot tyd besluit en mede-onderteken is deur die Sekretaris of sodanige ander plaasvervangers vir die Sekretaris as waarop die Raad van tyd tot tyd besluit.

3.7 Gelde wat nie nodig is om lopende uitbetalings en uitgawes te bestry nie, mag nie op 'n ander wyse belê word nie as soos voorgeskryf ingevolge artikel 21 (3) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956.

4. OUDITERING VAN DIE FONDSE

4.1 'n Openbare rekenmeester of openbare rekenmeesters, wie se besoldiging deur die Raad vasgestel word, moet deur die Raad aangestel word en moet minstens één keer per jaar die rekenings van die Fondse ouditeer en voor of op 31 Maart elke jaar 'n staat opstel wat die volgende toon:

4.1.1 Alle gelde wat ingevolge hierdie Ooreenkoms ontvang word;

4.1.2 uitgewas wat gedurende die 12 maande wat op 31 Desember die vorige jaar geëindig het, onder alle hoofde aangegaan is, saam met 'n balansstaat wat die bates en laste van die Fondse op daardie datum toon.

4.2 Die geouditeerde staat en die balansstaat van die Fondse moet daarna by die kantoor van die Raad vir inspeksie lê en kopieë daarvan, behoorlik deur die ouditeur onderteken en deur die Voorsitter van die Raad mede-onderteken, tesame met 'n verslag wat die ouditeur daarvoor uitgebring het, moet binne drie maande na afloop van die tydperk wat deur sodanige staat en balansstaat gedek word, by die Direkteur-generaal van Arbeid ingedien word.

5. LIKWIDASIE VAN DIE FONDSE

5.1 Wanneer hierdie Ooreenkoms of 'n verlenging daarvan verval, moet die Raad wat dan bestaan of die trustee of trustees wat ingevolge klousule 6 van hierdie Hoofstuk deur die Registrateur aangestel is, voortgaan om vir 'n tydperk van twee jaar die Fondse te administreer ten einde geld wat aan die werknemers verskuldig is, uit te betaal, en behoudens die goedkeuring van die Registrateur, moet geld wat ná genoemde tydperk van twee jaar in die krediet van die Fondse staan, verbeur word en aan die algemene fondse van die Raad toeval.

5.2 As die sake van die Raad na afloop van genoemde tydperk van twee jaar reeds gelikwedeer en die bates verdeel is, moet die saldo van die Fondse soos volg verdeel word:

5.2.1 Twee vyfdes aan die werkgewersorganisasie wat in die Raad verteenwoordig is, in verhouding tot die getal volwaardige lede ingevolge die Wet in elke sodanige organisasie op die datum van sodanige likwidasië;

5.2.2 twee vyfdes aan die vakverenigings wat in die Raad verteenwoordig is, en genoemde bedrag moet in verhouding tot die getal volwaardige lede van elke vakvereniging soos op die datum van likwidasië verdeel word; die uitdrukking "lidmaatskap" is beperk tot dié lede wat deur hierdie Ooreenkoms gedek word; en

5.2.3 een vyfde moet ingevolge artikel 34 (4) (c) van die Wet bestee word.

6. VERSTRYKING VAN DIE OOREENKOMS

6.1 Wanneer hierdie Ooreenkoms of 'n verlenging daarvan verstryk, en ingeval daar nie binne twee jaar ná die verstryking van hierdie Ooreenkoms of 'n verlenging daarvan oor 'n daaropvolgende ooreenkoms onderhandel word met die oog op die voortgesette werking van die Fondse nie, moet die Raad die Fondse ingevolge klousule 5 van hierdie Hoofstuk likwedeer.

6.2 Ingeval die Raad nie die Fondse ingevolge hierdie klousule kan administreer en/of likwedeer nie en/of nie in staat is nie of onwillig is om sy pligte na te kom, of as 'n dooie punt ontstaan wat die administrasie van die Fondse na die mening van die Registrateur ondoenlik of onwenslik maak, kan hy 'n trustee of trustees aanstel wat die pligte van die Raad nakom en wat vir sodanige doel die bevoegdheid van die Raad het.

6.3 Ingeval die Raad ontbind word of ingeval hy ophou om te funksioneer gedurende 'n tydperk waarin hierdie Ooreenkoms bindend is ingevolge artikel 34 (2) van die Wet, moet die Fondse geadministreer word deur die Raad wat dan bestaan. Vakatures wat in die Raad ontstaan, kan deur die Registrateur uit die geledere van die werkgewers of die werknemers, na gelang van die geval, gevul word ten einde te verseker dat daar 'n gelyke getal werkgewers- en werknemersverteenvoorgangers in die Raad is.

6.4 Ingeval die Raad wat dan bestaan, nie in staat is nie of onwillig is om sy pligte na te kom of as 'n dooie punt ontstaan wat die administrasie van die Fondse na die mening van die Registrateur ondoenlik of onwenslik maak, kan hy 'n trustee of trustees aanstel om die pligte van die Raad na te kom en sodanige trustee of trustees het vir dié doel al die bevoegdhede van die Raad.

6.5 Wanneer hierdie Ooreenkoms verstryk, moet die Fondse, behoudens klousule 6.1 en 6.2 hiervan, ingevolge klousule 5 van hierdie Hoofstuk deur die Raad wat dan bestaan of deur die trustees wat deur die Registrateur aangestel is, gelikwedeer word.

7. SPESIALE BEPALINGS TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERSKEIE FONDSE

7.1 *Vakansiefondse van die Bounywerheid (Transvaal):*

7.1.1 Alle rente op gelde ontvang ten behoeve van die Vakansiefonds moet aangewend word om die administrasiekoste te dek.

7.1.2 Geen bedrag ten opsigte van die Vakansiefonds mag sonder magtiging van die Raad voor die jaarlikse verloftydperk aan 'n werknemer betaal word nie.

7.1.3 Aan elke werknemer vir wie Vakansiefondsbydraes by die Raad inbetaal is, moet ooreenkomstig die bedrag van die bydraes wat inbetaal is, sy verlofbesoldiging betaal word voor of op die aanvangsdatum van die jaarlikse verloftydperk elke jaar.

7.1.4 As 'n werknemer in gebreke sou bly of nalaat om binne 'n tydperk van 12 maande vanaf die datum waarop die vakansietydperk ten einde loop, die waarde van die bydrae wat ten opsigte van verlofbesoldiging by die Raad inbetaal is, op te eis, word die waarde daarvan verbeur en kom dit die algemene fondse van die Raad toe. Die Raad moet egter alle laat eise vir betaling en opsigte van verlofbesoldiging oorweeg.

7.1.5 Ondanks hierdie klousule kan die Raad van die bedrag wat uit die Vakansiefonds aan 'n werknemer betaalbaar is, sy vakverenigingsledegeld aftrek: Met dien verstande dat—

(a) die betrokke werknemer die Sekretaris skriftelik daartoe magtig;

- (b) die Sekretaris bogemelde bedrae aan vakverenigingledegeld hoogstens een maand na invordering daarvan betaal aan die vakvereniging wat deur die werknemer benoem is.

7.2 **Bystandsfonds van die Bounywerheid (Transvaal):**

7.2.1 *Doelstellings van die Fonds:* Die doelstellings van die Fonds is om aan lede bystand te verleen ingeval van die volgende gebeurlikhede—

- (a) slegte weersomstandighede;
- (b) verlies van loon weens siekte of ongeluk in sekere omstandighede.

7.2.2 *Lidmaatskap van die Fonds:* Alle werknemers op wie hierdie Ooreenkoms van toepassing is, is geregtig op lidmaatskap van die Fonds.

7.2.3 *Reserwes:* Indien die bedrag wat in krediet van die Fonds staan, te eniger tyd tot onder die R50 000-merk sou daal, moet uitbetalings van bystand opgeskort word en nie hervat word nie tot tyd en wyl die bedrag wat in krediet van die Fonds staan, meer as R100 000 is.

7.3 **Mediese Hulpfonds vir die Bounywerheid (Transvaal):**

7.3.1 *Doelstellings van die Fonds:* Die doelstellings van die Fonds is—

- (a) om aan lede bystand te verleen met betrekking tot die koste van mediese dienste soos van tyd tot tyd in die reëls gemeld word, en wat voortvloei uit enige siekte en/of ongeluk;
- (b) om behoudens die reëls van die Fonds aan lede bystand te verleen met betrekking tot die koste van medisyne en/of mediese dienste wat voortvloei uit enige siekte en/of ongeluk deur hulself of hul afhanklikes opgedoen;
- (c) om die maatreëls te tref en die stappe te doen wat die Raad noodsaaklik ag vir die voorkoming van siekte en ongelukke en vir die verbetering en bevordering van gesondheid, onder lede, afhanklikes en persone in diens in of betrokke by die Bounywerheid;
- (d) om 'n kontrak met enige hospitaal, geregistreerde verpleeginrigting, geregistreerde herstellingsoord of ander dergelike inrigting aan te gaan vir die versorging van siek of herstellende lede en hul afhanklikes;
- (e) om 'n kontrak met enige ander persoon, liggaam, inrigting of owerheid aan te gaan ten opsigte van mediese dienste soos van tyd tot tyd in die reëls gemeld word;
- (f) om al die dinge te doen wat noodsaaklik is vir, bykomend is by of bevorderlik is vir die welsyn van lede en hul afhanklikes en vir die verwesenliking van voornoemde doelstellings.

7.3.2 *Lidmaatskap van die Fonds:* (a) Alle geskoolde werknemers op wie hierdie Ooreenkoms van toepassing is, is geregtig op lidmaatskap van die fonds.

(b) Persone, uitgesonderd dié persone in (a) hiervan bedoel, wat regstreeks betrokke is of was, by of in diens is of was in die Bounywerheid, kan na goeddunke van die Raad as lede van die Fonds toegelaat word en hierdie Ooreenkoms en die reëls van die Fonds is *mutatis mutandis* van toepassing op persone wat aldus toegelaat word.

7.3.3 *Lidmaatskap van die Fonds eindig—*

- (a) sodra die bydraes kragtens klousule 2 van Hoofstuk 5 vir die Bounywerheid (Gauteng) (provinsie Noordwes) nie by die Raad inbetaal is nie: Met dien verstande dat lidmaatskap behou moet word in gevalle waar lede skiektebystand ontvang van die Bystandsfonds van die Bounywerheid (Transvaal);
- (b) sodra 'n lid meer as een maand agterstallig is met bydraes tot die Fonds;
- (c) sodra 'n lid 'n betrekking het/of diens aanvaar of betrokke is by 'n ander nywerheid;
- (d) in die geval van alle lede wat, nadat hulle vir een jaar bystand ontvang het, deur 'n mediese praktisyn en/of spesialis verklaar word as chronies siek, permanent onbekwaam, geheel en al ongeskik en nie in staat om 'n ambag in die Nywerheid te beoefen nie: Met dien verstande dat kwalifiserende afhanklikes van sodanige lede na die goeddunke van die Raad toegelaat kan word om lid te bly op die voorwaardes wat die Raad vasstel.

7.3.4 'n Lid vir wie geen bydraes ingevolge klousule 2 van Hoofstuk 5 betaal word nie omdat hy werkloos is of in 'n gebied werk wat geleë is buite die jurisdiksiegebied van hierdie Ooreenkoms, kan, indien hy verlang om lid van die Fonds te bly, die vereiste bydrae weekliks kontant aan die Raad betaal.

7.3.5 *Reserwes:* Indien die bedrag in krediet van die Fonds te eniger tyd tot onder R50 000 daal, moet uitbetaling van bystand gestaak word en nie weer hervat word nie voordat die bedrag in krediet van die Fonds meer as R100 000 is.

7.4 **Die Gereedskapversekeringsfonds van die Bounywerheid (Transvaal):**

7.4.1 *Doelstellings van die Fonds:* Die vernaamste doelstellings van die Fonds, gelees saam met die bepalings van klousule 11 van Hoofstuk 1 van hierdie Ooreenkoms, is om werknemers te vergoed vir die verlies van gereedskap, noodsaaklik vir hul ambagte, en gereedskapskiste deur diefstal vanuit toesluitplekke.

7.4.2 'n Werknemer wat vergoeding vir verlore gereedskap, noodsaaklik vir sy ambag, en vir sy gereedskapkis van die Fonds wil eis, moet by die Raad 'n skriftelike aansoek indien en die Raad van die betrokke inligting ingevolge die reëls voor sien.

7.4.3 Geen vergoeding moet uit die Fonds betaal word nie tensy die werknemers die diefstal so gou moontlik by die polisie aangemeld het, of as die werknemer weier of versuim om aan die Raad die tersaaklike inligting te verstrek wat die Raad vereis.

7.4.4 Die raming van 'n eis en die betaling uit die Fondse moet geskied uitsluitlik na goeddunke van die Raad, wie se beslissing finaal en bindend is. Die Raad hoef geen rede vir sy beslissing te verstrek nie.

7.4.5 *Reserwes:* Betaling van bystand uit die Fonds moet gestaak word wanneer die bedrag wat in krediet van die Fonds staan, tot minder as R10 000 daal, en verdere betalings moet nie hervat word nie voordat die bedrag wat in krediet van die Fonds staan, weer die bedrag van R20 000 beloop.

7.5 Geskilbeslegtingsfonds vir die Bounywerheid Transvaal:

7.5.1 Doelstellings van die Fonds: Die doelstellings van die fonds is om die beslegting van geskille en verwante sake te finansier.

7.5.2 Reserwes: Indien die bedrag wat in krediet van die Fonds staan, te eniger tyd tot onder R100 000 daal, moet uitbetaling gestaak word en nie hervat word nie tot tyd en wyl die bedrag wat in krediet van die Geskilbeslegtingsfonds staan, meer as R200 000 is.

8. BYSTAND ONVERVREEMBAAR

Die bystand verskaf deur die Fonds in hierdie Hoofstuk bedoel, is nie oordraagbaar nie en 'n lid wat poog om sy regte oor te maak, oor te dra, te sedeer, te verpand of te verpotekeer, hou onmiddellik op om geregtig te wees op bystand hoegenaamd, en lidmaatskap van die Fonds ten opsigte van homself en sy afhanklikes moet beëindig word.

9. TERUGHOU VAN BYSTAND

'n Werknemer wat lid van enige van die Raad se Fondse is en op bystand geregtig is, moet na goeddunke van die Raad van bystand uit enigeen van die Fondse ontnem word in die geval waar sodanige werknemer 'n vals verklaring maak of op watter wyse ook al geprobeer om op bedrieglike of oneerlike wyse bystand te verkry.

10. ANDER FONDSE

10.1 Nademaal die Raad verwittig is van die stigting van die Nasionale Ontwikkelingsfonds van die Bounywerheid (ingestel deur die Bou-Industrieë Federasie van Suid-Afrika) (hierna die Nasionale Ontwikkelingsfonds genoem), magtig hy hierby die invordering van bydraes ten einde die doelstellings van genoemde Nasionale Ontwikkelingsfonds te verwesenlik.

10.2 Nademaal die Raad verwittig is van die stigting van die Opleidingskema van die Bounywerheid (ingestel deur die Bou-Industrieë Federasie van Suid-Afrika) (hierna die Opleidingskema genoem), magtig hy hierby die invordering van bydraes ten einde die doelstellings van die Opleidingskema te verwesenlik.

10.2.1 Elke werkgewer moet die bedrag wat hy verplig is om by te dra tot die Opleidingskema ingevolge Goewermementskennisgewing No. R. 1948 van 11 September 1987, soos gewysig en verleng, aan die Sekretaris van die Raad betaal. Die bedrae ingevorder ingevolge hierdie klousule, moet van tyd tot tyd aan die Bou-Industrieë Federasie van Suid-Afrika oorbetal word.

10.3 Die Pensioenfonds van die Bounywerheid (Transvaal), ingestel by Goewermementskennisgewing No. R. 859 van 8 Junie 1962, soos van tyd tot tyd gewysig, en die Voorsorgfonds van die Bounywerheid (Transvaal), ingestel by Goewermementskennisgewing No. R. 83 van 22 Januarie 1993, soos van tyd tot tyd gewysig, word hierby verleng.

10.4 Elke werknemer het met die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms die reg om te kies of hy 'n lid van die Pensioenfonds wil bly of 'n lid van die Voorsorgfonds wil word.

10.5 Elke werknemer wat toetree tot die Nywerheid na die inwerkingtreding van die Ooreenkoms, moet binne 30 dae nadat hy toetree het tot die Nywerheid, kies of hy 'n lid van die Pensioenfonds of die Voorsorgfonds wil word.

10.6 'n Werknemer is slegs daarop geregtig om een maal 'n keuse te maak betreffende lidmaatskap tot die fondse.

10.7 Die bydraes van die Voorsorgfonds is gelyk aan die Pensioenfondsbydraes, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

10.8 Die Raad het die reg om ander reëls te bepaal of om die reëls te wysig vir die doeleindes van die administrasie van die Voorsorgfonds.

BYLAE A**BOUNYWERHEIDSRaad (TRANSVAAL)****DIENSKONTRAK VAN KWEKELING-AMBAGSMAN**

(NIE-AANGEWESE AMBAG)

1. AFDELING A: PARTYE BY DIE KONTRAK

1.1 Hierdie kwekelingkontrak kragtens klousule 6.2 van Hoofstuk 1 van die Hoof-ooreenkoms van die Bounywerheidsraad (Transvaal) gesluit deur en aangegaan tussen—

1.1.1van (adres)
.....
hierna die werkgewer genoem;

1.1.2van (adres)

I.D. No.

Vakansiefondsno., hierna die "kwekeling" genoem;

EN

1.1.3 Bounywerheidsraad (Transvaal), verteenwoordig deur die Hoofsekretaris.

1.2 In die geval van 'n minderjarige, bygestaan deur sy voog.....

.....van (adres).....

2. AFDELING B: ONDERNEMING DEUR KWEKELING**2.1 Genoemde kwekeling onderneem—**

- 2.1.1 om hom met die werkgewer in die nie-aangewese ambag van te verbind vir 'n tydperk van twee jaar wat 'n aanvang neem op of totdat die kwekeling die toepaslike ambagstoets geslaag het by die BIFSA-Opleidingsentrum, Springs, soos deur die ORBI (Opleidingsraad vir die Bou-Industrieë) bepaal;
- 2.1.2 om sy werkgewer op getroue, eerlike en ywerige wyse te dien, en al die wettige en redelike opdragte en vereistes van die werkgewer, of diegene onder wie se gesag hy geplaas word, te gehoorsaam;
- 2.1.3 om geen inligting wat verband hou met die besigheid van sy werkgewer aan enige persoon, wie ook al, mee te deel om met sodanige persoon te bespreek nie;
- 2.1.4 om nie direk of indirek enige belang, hetsy as betaalde agent of werknemer, in enige ander besigheid of onderneming as dié van sy werkgewer te hê nie;
- 2.1.5 om nie sonder toestemming en/of 'n aanvaarbare rede van sy werk afwesig te wees nie;
- 2.1.6 om die diensvoorwaardes soos in hierdie kontrak vervat, te aanvaar;
- 2.1.7 om gedurende hierdie kwekelingkontrak die voorgeskrewe kursusse in sy ambag by die BIFSA-opleidingsentrum, by te woon, en al die modules van Opleidingsprestasiëriteria (OPK) en Produksieprestasiëriteria (PPK) met sukses te voltooi.

3. AFDELING C: ONDERNEMING DEUR WERKGEWER**3.1 Genoemde werkgewer onderneem—**

- 3.1.1 om genoemde kwekeling vir die tydperk soos bepaal in paragraaf 2.1.1 van afdeling B van hierdie kontrak, in diens te neem, en om genoemde kwekeling doeltreffend te onderrig/op te lei, of doeltreffend te laat onderrig/oplei in die vaardighede gespesifiseer in ooreenstemming met die opleidingsprogram soos van tyd tot tyd deur BIFSA opgestel en deur die Bounywerheidsraad (Transvaal) goedgekeur;
- 3.1.2 om wanneer die Raad hom aldus in kennis stel, die kwekeling te stuur om die praktiese opleidingskursusse aan 'n institusionele opleidingsentrum wat deur die Raad goedgekeur is, by te woon vir die volle duur van die kursusse soos van tyd tot tyd deur die opleidingsentrum bepaal;
- 3.1.3 om die voorgeskrewe loon aan genoemde kwekeling te betaal, en te voldoen aan al die ander diensvoorwaardes soos vervat in die Ooreenkoms van die Bounywerheidsraad (Transvaal);
- 3.1.4 om aan die kwekeling die geleentheid te gun om watter toetse ook al, soos vereis volgens die opleidingsprogram, af te lê, en om toe te laat om sodanige opleidingskursusse by die Bou-Industrieë Opleidingsentrum by te woon, wanneer die Bounywerheidsraad (Transvaal), hom aldus van sodanige bywoning in kennis stel;
- 3.1.5 om verantwoordelik te wees vir die betaling van lone en bydraes aan die kwekeling of die Raad, na gelang van die geval, gedurende enige tydperk wat die kwekeling enige kursus by die institusionele opleidingsentrum bywoon.

4. AFDELING D: BETALING VAN LONE EN BYDRAES**4.1 Om die loontariewe vir kwekelinge te bereken, is die volgende persentasies van toepassing:**

Kwekeling-ambagsmanne wat werksaam is in die nie-aangewese ambagte:

Na suksesvolle voltooiing van alle OKP- en PPK-modules: 25% van die tariewe vir 'n ambagsman voorgeskryf.

Hierna moet 'n praktiese oriënteringstydperk van 18 maande op die werksterrein voltooi word.

Na 'n verpligte ambagstoets geslaag is na die 18 maande werksterrein-oriëntering: plus 30% van die voorgeskrewe tarief vir 'n ambagsman.

Aanvangstarief: 40% van tarief vir ambagsmanne voorgeskryf.

4.2 Betaling van lone en bydraes ingevolge die Raad se Ooreenkoms bly die werkgewer se verantwoordelikheid.**5. AFDELING E: ALGEMEEN**

- 5.1 Hierdie kontrak kan slegs met wedersydse toestemming van al die partye gekanselleer of na 'n ander werkgewer oorgedra word. Die kontrak sal egter van krag bly tot finaal deur die Raad gekanselleer word.
- 5.2 Die werkgewer is aanspreeklik vir die indiensneming en opleiding van die kwekeling gedurende enige tydperk wat hierdie kontrak van krag is.
- 5.3 Die Raad kan egter die kontrak kanselleer na ontvangs van 'n ten volle gemotiveerde aansoek van enige van die partye, en na oorweging van die feite rondom sodanige aansoek. Die ander partye moet skriftelik deur die Raad van sodanige kansellering in kennis gestel word. Die bepalinge van die Raad se Ooreenkoms met betrekking tot verbode diens, is van toepassing na kansellering van die kontrak, indien die werkgewer voortgaan om die werknemer in sy diens te behou.
- 5.4 Die bepalinge van die Raad se Ooreenkoms is, waar nie strydig met die kontrak nie, op alle kwekelinge en hul werkgewers van toepassing.
- 5.5 Werkgewers en/of hulle kwekelinge word gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik gehou vir enige koste aangegaan in gevalle waar kwekelinge versuim om die voorgeskrewe kursusse of ambagstoetse by te woon. Die Raad moet egter enige of beide partye vrystel van die betaling van kostes indien geldige redes vir sodanige versuim verstrekkend word.

6. AFDELING F: OMSKRYWING

"BIFSA-opleidingsentrum" beteken die opleidingsentrum van die Bou-Industrieë Federasie Suid-Afrika, 'n werkgewersfederasie geregistreer kragtens die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet No. 28 van 1956), wat optree in die hoedanigheid van administrateur van die Werwings- en Opleidingsfonds van die Bounywerheid te Argonweg 33, Fulcrum, Springs.

"kwekeling" beteken kragtens hierdie kontrak 'n kwekeling-ambagsman ingeskryf/geregistreer as sodanig, ongeag geslag, en wat opleiding ontvang in die nie-aangewese ambag van ;

"nie-aangewese ambagte" beteken enige van die ambagte soos omskryf in klousule 2 van Hoofstuk 2 van die Raad se Ooreenkoms;

"ooreenkoms" beteken die Hofooreenkoms van die Bounywerheidsraad (Transvaal) gepubliseer kragtens artikel 48 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956;

"opleidingsprestasiëriteria (OPK)", beteken die prestasiëriteria wat die kwekeling gedurende sy institusionele opleiding in elke taak behaal;

"ORBI" die Opleidingsraad vir die Bou-Industrieë behoortlik gekonstitueer kragtens die Wet op Mannekragopleiding, 1981 (Wet No. 56 van 1981);

"produksieprestasiëriteria (PPK)", beteken die prestasiëriteria wat die kwekeling gedurende sy indiensopleiding in elke taal behaal;

"Raad" beteken die Bounywerheid (Transvaal).

Ten getuie waarvan die kontrakterende partye op hede diedag van 19..... geteken het.

AS GETUIES:

1. WERKGEWER

2. Direkteur/lid/vennoot/alleeneienaar namens (handelsnaam van besigheid).....

1. VOOG

2.

1. KWEKELING.....

2.

1. RAAD

2. (Hoofsekretaris)

Geregistreer by die kantoor van die Bounywerheid (Transvaal) op hede die dag van 19.....

.....
Bounywerheidsraad (Transvaal)

KGA/BIF

BYLAE B**BOUNYWERHEIDSRAAD (TRANSVAAL)****DIENSKONTRAK VIR KWEKELING-WERKNEMER (GESPEFISEERDE AMBAG)****1. AFDELING A: PARTYE BY DIE KONTRAK**

1.1 Hierdie kwekelingkontrak voorgeskryf ingevolge klousule 6.2 van Hoofstuk 1 van die Hofooreenkoms van die Bounywerheidsraad (Transvaal) gesluit deur en aangegaan tussen—

1.1.1 van (adres)

hierna die "werkgewer" genoem;

1.1.2 van (adres)

I.D. No.

Vakansiefonds No.hierna die "kwekeling" genoem;

EN

1.1.3 Bounywerheidsraad (Transvaal), verteenwoordig deur die Hoofsekretaris.

1.2 In die geval van 'n minderjarige, bygestaan deur sy voog van (adres)

.....

2. AFDELING B: ONDERNEMING DEUR KWEKELING**2.1** Genoemde kwekeling onderneem—

- 2.1.1 om hom met die werkgewer in die gespesifiseerde ambag van te verbind vir 'n tydperk van ses maande wat 'n aanvang neem op of tot hy as kwekeling vir 'n tydperk van minstens drie maande gewerk het na voltooiing van die Opleidingsprestasiëriteria by BIFSA-opleidingsentrum, Springs;
- 2.1.2 om sy werkgewer op getroue, eerlike en ywerige wyse te dien, en al die wettige en redelike opdragte en vereistes van die werkgewer, of diegene onder wie se gesag hy geplaas word te gehoorsaam;
- 2.1.3 om geen inligting wat verband hou met die besigheid van sy werkgewer aan enige persoon, wie ook al, mee te deel of met sodanige persoon te bespreek nie;
- 2.1.4 om nie direk enige belang, hetsy as betaalde agent of werknemer, in enige ander besigheid of onderneming as dié van sy werkgewer te hê nie;
- 2.1.5 om nie sonder toestemming en/of 'n aanvaarbare rede van sy werk afwesig te wees nie;
- 2.1.6 om die diensvoorwaardes soos in hierdie kontrak vervat, te aanvaar;
- 2.1.7 om gedurende hierdie kwekelingkontrak die voorgeskrewe kursusse in sy ambag by die BIFSA-opleidingsentrum, Springs, by te woon, ten einde die modules van opleidingsprestasiëriteria met sukses te voltooi.

3. AFDELING C: ONDERNEMING DEUR WERKGEWER**3.1** Genoemde werkgewer onderneem—

- 3.1.1 om genoemde kwekeling vir die tydperk soos bepaal in paragraaf 2.1.1 van Afdeling B van hierdie kontrak, in diens te neem en om genoemde kwekeling doeltreffend te onderrig, op te lei, of doeltreffend te laat onderrig/oplei in die vaardighede gespesifiseer in ooreenstemming met die opleidingsprogram soos van tyd tot tyd deur BISFA opgestel en deur die Bounywerheidsraad (Transvaal) goedgekeur;
- 3.1.2 om wanneer die Raad hom aldus in kennis stel, die kwekeling te stuur om die praktiese opleidingskursusse by 'n institusionele opleidingsentrum wat deur die Raad goedgekeur is, by te woon vir die volle duur van die kursus soos van tyd tot tyd deur die opleidingsentrum bepaal;
- 3.1.3 om die voorgeskrewe loon aan genoemde kwekeling te betaal, en te voldoen aan al die ander diensvoorwaardes soos vervat in die Ooreenkoms van die Bounywerheidsraad (Transvaal);
- 3.1.4 om aan die kwekeling die geleentheid te gun om opleidingskursusse by die Bou-Industrieë Opleidingsentrum by te woon, wanneer die Bounywerheidsraad (Transvaal) hom aldus van sodanige bywoning in kennis stel;

4. AFDELING D: BETALING VAN LONE EN BYDRAES

- 4.1 Die kwekeling is geregtig op die minimum loontarief en bydraewardestes van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.
- 4.2 In die geval van kwekelinge wat in die gespesifiseerde ambagte in diens is, moet lone en bydraes deur die werkgewer betaal word vir enige tydperk waarin die kwekeling die kursus by die Opleidingskollege, Springs, bywoon.

5. AFDELING E: ALGEMEEN

- 5.1 Hierdie kontrak kan slegs met wedersydse toestemming van al die partye gekanselleer of na 'n ander werkgewer oorgedra word. Die kontrak sal egter van krag bly tot dit finaal deur die Raad gekanselleer word.
- 5.2 Die werkgewer is aanspreeklik vir die indiensneming en opleiding van die kwekeling gedurende enige tydperk wat hierdie kontrak van krag is.
- 5.3 Die Raad kan egter die kontrak kanselleer na ontvangs van 'n ten volle gemotiveerde aansoek van enige van die partye, en na oorweging van die feite rondom sodanige aansoek. Die ander partye moet skriftelik deur die Raad van sodanige kansellasië in kennis gestel word. Die bepalinge van die Raad se Ooreenkoms met betrekking tot verbode diens is van toepassing na kansellering van die kontrak, indien die werkgewer voortgaan om die werknemer in sy diens te behou.
- 5.4 Die bepalinge van die Raad se Ooreenkoms is waar nie strydig met die kontrak nie, op alle kwekelinge en hulle werkgewers van toepassing.
- 5.5 Werkgewers en/of hulle kwekelinge word gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik gehou vir enige koste aangegaan in gevalle waar kwekelinge versuim om die voorgeskrewe kursusse by te woon. Die Raad moet egter enige of beide partye vrystel van die betaling van die koste indien geldige redes vir sodanige versuim verstrek word.

6. AFDELING F: OMSKRYWING

“BIFSA-opleidingsentrum” beteken die opleidingsentrum van die Bou-Industrieë Suid-Afrika, 'n werkgewers-federasie, geregistreer kragtens die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956 (Wet No. 28 van 1956), wat optree in die hoedanigheid van administrateur van die Werwings- en Opleidingsfonds van die Bounywerheid te Argonweg 33, Fulcrum, Springs;

"Gespesifiseerde Ambagte" beteken enige van die vaardighede soos omskryf in klousule 1 van Hoofstuk 2 van die Raad se Ooreenkoms;

"Kwekeling" beteken kragtens hierdie kontrak 'n kwekeling-werknemer (gespesifiseerde ambag) ingeskryf/ geregistreer as sodanig, ongeag geslag, en wat opleiding ontvang in die gespesifiseerde ambag van. ;

"Ooreenkoms" beteken die Hofooreenkoms van die Bounywerheid (Transvaal), gepubliseer kragtens artikel 48 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956;

"Opleidingsprestasië-kriteria (OPK)" beteken die prestasiëstandaarde wat die kwekeling gedurende sy institusionele opleiding in elke taak behaal;

"ORBI" beteken die Opleidingsraad vir die Bou-Industrieë, behoorlik gekonstitueer kragtens die Wet op Mannekrag-opleiding, 1981 (Wet No. 56 van 1981);

"Raad" beteken die Bounywerheidsraad (Transvaal).

Ten getuie waarvan die kontrakterende partye op hede die dag van 19 geteken het.

AS GETUIE:

1. WERKGEWER.....

2. Direkteur/vennoot/alleeneienaar namens (handelsnaam van besigheid

1. VOOG

2.

1. KWEKELING.....

2.

1. RAAD

2.

(Hoofsekretaris)

Geregistreer by die kantoor van die Bounywerheidsraad (Transvaal) op hede die dag van

19

Bounywerheidsraad (Transvaal)

Geteken op hede die 7de dag van November 1996.

C. DE KOCK,

Voorsitter.




N. K. MOLOTO,

Ondervoorsitter.

W. DE J. STAPELBERG,


Hoofsekretaris.

Where is the largest amount of meteorological information in the whole of South Africa available?



Waar is die meeste weerkundige inligting in die hele Suid-Afrika beskikbaar?

LIVE IN HARMONY WITH NATURE



THE WEATHER BUREAU: DEPARTMENT OF
ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND TOURISM



CONTENTS**INHOUD**

No.	Page No.	Gazette No.	No.	Bladsy No.	Koerant No.
GOVERNMENT NOTICE			GOEWERMENTSKENNISGEWING		
Labour, Department of			Arbeid, Departement van		
<i>Government Notice</i>			<i>Goewermentskennisgewing</i>		
R. 132 Labour Relations Act (28/1956): Building Industry (Transvaal): North West Agreement.....	1	17740	R. 132 Wet op Arbeidsverhoudinge (28/1956): Bounywerheid (Transvaal): Noordwes Ooreenkoms.....	31	17740